

Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 523

Pretoria, 23 January 2009
Januarie

No. 31797

CONTENTS**INHOUD**

No.	Page No.	Gazette No.	No.	Bladsy No.	Koerant No.
GOVERNMENT NOTICE			GOEWERMENSKENNISGEWING		
South African Revenue Service			Suid-Afrikaanse Inkomstediens		
<i>Government Notice</i>			<i>Goewermentskennisgewing</i>		
34			32		
Income Tax Act (58/1962): Convention between the Republic of South Africa and the Kingdom of the Netherlands for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income and on capital			Inkomstebelastingwet (58/1962): Konvensie tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Koninkryk van die Nederlande vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belasting op inkomste en op kapitaal....		
	2	31797		3	31797

**GOVERNMENT NOTICE
GOEWERMENSKENNISGEWING**

**SOUTH AFRICAN REVENUE SERVICE
SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

No. 34**23 January 2009****INCOME TAX ACT, 1962**

CONVENTION BETWEEN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE KINGDOM OF THE NETHERLANDS FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND THE PREVENTION OF FISCAL EVASION WITH RESPECT TO TAXES ON INCOME AND ON CAPITAL

In terms of section 108(2) of the Income Tax Act, 1962 (Act No 58 of 1962), read in conjunction with section 231(4) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No 108 of 1996), it is hereby notified that the Convention for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income and on capital set out in the Schedule to this Notice has been entered into with the Government of the Kingdom of the Netherlands and has been approved by Parliament in terms of section 231(2) of the Constitution.

It is further notified in terms of paragraph 1 of Article 32 of the Convention, that the date of entry into force is 28 December 2008.

INKOMSTEBELASTINGWET, 1962**KONVENSIE TUSSEN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE KONINKRYK VAN DIE NEDERLANDE VIR DIE VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE VOORKOMING VAN FISKALE ONTDUIKING MET BETREKKING TOT BELASTINGS OP INKOMSTE EN OP KAPITAAL**

Ingevolge artikel 108(2) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No 58 van 1962), saamgelees met artikel 231(4) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No 108 van 1996), word hiermee kennis gegee dat die Konvensie vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastinge op inkomste en op Kapitaal wat in die Bylae tot hierdie Kennisgewing vervat is, aangegaan is met die Regering van die Koningryk van die Nederlande en deur die Parlement goedgekeur is ingevolge artikel 231(2) van die Grondwet.

Daar word verder bekendgemaak dat ingevolge paragraaf 1 van Artikel 32 van die Konvensie, die datum van inwerkingtreding 28 Desember 2008 is.

CONVENTION BETWEEN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND THE KINGDOM OF THE NETHERLANDS FOR THE AVOIDANCE OF DOUBLE TAXATION AND THE PREVENTION OF FISCAL EVASION WITH RESPECT TO TAXES ON INCOME AND ON CAPITAL

Preamble

The Government of the Republic of South Africa and the Government of the Kingdom of the Netherlands, desiring to conclude a convention for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income and on capital in order to promote and strengthen the economic relations between the two countries,

Have agreed as follows:

CHAPTER I

SCOPE OF THE CONVENTION

Article 1

Persons Covered

This Convention shall apply to persons who are residents of one or both of the Contracting States.

Article 2

Taxes Covered

1. This Convention shall apply to taxes on income and on capital imposed on behalf of a Contracting State or of its political subdivisions or local authorities, irrespective of the manner in which they are levied.

2. There shall be regarded as taxes on income and on capital all taxes imposed on total income, on total capital, or on elements of income or of capital, including taxes on gains from the alienation of movable or immovable property, taxes on the total amounts of wages or salaries paid by enterprises, as well as taxes on capital appreciation.

3. The existing taxes to which the Convention shall apply are in particular:

- a) in the Netherlands:
 - (i) de inkomstenbelasting (income tax),
 - (ii) de loonbelasting (wages tax),

KONVENSIE TUSSEN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN DIE KONINKRYK VAN DIE NEDERLANDE VIR DIE VERMYDING VAN DUBBELE BELASTING EN DIE VOORKOMING VAN FISKALE ONTDUIKING MET BETREKKING TOT BELASTINGS OP INKOMSTE EN OP KAPITAAL

Aanhef

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Koninkryk van die Nederlande het, uit 'n begeerte om 'n konvensie te sluit vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belasting op inkomste en op kapitaal ten einde die ekonomiese bande tussen die twee lande te bevorder en te versterk,

Soos volg ooreengekom:

HOOFSTUK I

OMVANG VAN DIE KONVENSIE

Artikel 1

Persone Gedek

Hierdie Konvensie is van toepassing op persone wat inwoners van een of van albei die Kontrakterende State is.

Artikel 2

Belastings Gedek

1. Hierdie Konvensie is van toepassing op belasting op inkomste en op kapitaal, opgelê namens 'n Kontrakterende Staat of namens sy staatkundige onderafdelings of plaaslike owerhede, ongeag die wyse waarop dit gehef word.

2. Alle belasting opgelê op totale inkomste, op totale kapitaal, of op elemente van inkomste of van kapitaal, met inbegrip van belasting op winste uit die vervreemding van roerende of onroerende eiendom, belasting op die totale bedrae van lone of salarisse deur ondernemings betaal, asook belasting op kapitaalappresiasie, word geag belasting op inkomste en op kapitaal te wees.

3. Die bestaande belasting waarop die Konvensie van toepassing is, is in die besonder:

a) in die Nederlande:

- (i) de inkomstenbelasting (inkomstebelasting),
- (ii) de loonbelasting (loonbelasting),

- (iii) de vennootschapsbelasting (company tax) including the Government share in the net profits of the exploitation of natural resources levied pursuant to the Mijnwet 1810 (the Mining Act of 1810) with respect to concessions issued from 1967, or pursuant to the Mijnwet Continentaal Plat 1965 (the Netherlands Continental Shelf Mining Act of 1965),
- (iv) de dividendbelasting (dividend tax), and
- (v) de vermogensbelasting (capital tax),

(hereinafter referred to as "Netherlands tax");

b) in South Africa:

- (i) the normal tax,
- (ii) the secondary tax on companies, and
- (iii) the withholding tax on royalties,

(hereinafter referred to as "South African tax").

4. The Convention shall apply also to any identical or substantially similar taxes that are imposed by either Contracting State after the date of signature of the Convention in addition to, or in place of, the existing taxes. The competent authorities of the Contracting States shall notify each other of any significant changes that have been made in their respective taxation laws.

CHAPTER II

DEFINITIONS

Article 3

General Definitions

1. For the purposes of this Convention, unless the context otherwise requires:
 - a) the terms "a Contracting State" and "the other Contracting State" mean the Kingdom of the Netherlands (the Netherlands) or the Republic of South Africa (South Africa), as the context requires;
 - b) the term "the Netherlands" means the part of the Kingdom of the Netherlands that is situated in Europe, including its territorial sea, and any area beyond the territorial sea within which the Netherlands, in accordance with international law, exercises jurisdiction or sovereign rights with respect to the seabed, its subsoil and its superjacent waters, and their natural resources;
 - c) the term "South Africa" means the Republic of South Africa and, when used in a geographical sense, includes the territorial sea thereof as well as any area outside the territorial sea, including the continental shelf, which has been or may hereafter be designated, under the laws of South Africa and in accordance with international law, as an area within which South Africa may exercise sovereign rights or jurisdiction;

- (iii) die vennootschapsbelasting (maatskappybelasting) met inbegrip van die Regeringsaandeel in die netto winste van die ontginning van natuurlike hulpbronne gehef ooreenkomstig die Mynwet 1810 (die Mynwet van 1810) met betrekking tot konsessies uitgereik vanaf 1967, of ooreenkomstig die Mynwet Kontinentaal Plat 1965 (die Nederlandse Vastelandsplat Mynwet van 1965),
- (iv) de dividendbelasting (dividendbelasting), en
- (v) de vermogensbelasting (kapitaalbelasting),

(hierna "Nederlandse belasting" genoem);

b) in Suid-Afrika:

- (i) die normale belasting,
- (ii) die sekondêre belasting op maatskappye, en
- (iii) die terughoudingsbelasting op tantième,

(hierna "Suid-Afrikaanse belasting" genoem).

4. Die Konvensie is ook van toepassing op enige identiese of wesenlik soortgelyke belasting wat benewens, of in plaas van, die bestaande belasting deur enigeen van die Kontrakterende State opgelê word ná die datum van ondertekening van die Konvensie. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet mekaar in kennis stel van enige noemenswaardige veranderinge wat aan hulle onderskeie belastingwette aangebring is.

HOOFSTUK II

WOORDOMSKRYWINGS

Artikel 3

Algemene Woordomsrywings

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie, tensy die samehang anders vereis:
 - a) beteken die uitdrukking "n Kontrakterende Staat" en "die ander Kontrakterende Staat" die Koninkryk van die Nederlande (die Nederlande) of die Republiek van Suid-Afrika (Suid-Afrika), na gelang die samehang vereis;
 - b) beteken die uitdrukking "die Nederlande" die deel van die Koninkryk van die Nederlande wat in Europa geleë is, met inbegrip van sy territoriale waters, en enige deel buite die territoriale waters waarbinne die Nederlande, ooreenkomstig die volkereg, jurisdiksie of soewereine regte met betrekking tot die seebodem, sy ondergrond en sy boliggende waters en sy natuurlike hulpbronne uitoefen;
 - c) beteken die uitdrukking "Suid-Afrika" die Republiek van Suid-Afrika en, wanneer in 'n geografiese verband gebruik, ook die territoriale waters daarvan en enige gebied buite die territoriale waters, met inbegrip van die kontinentale plat, wat ingevolge die reg van Suid-Afrika en ooreenkomstig die volkereg aangewys is of hierna aangewys word as 'n gebied waarbinne Suid-Afrika soewereine regte of jurisdiksie mag uitoefen;

- d) the term "business" includes the performance of professional services and of other activities of an independent character;
- e) the term "person" includes an individual, a company and any other body of persons;
- f) the term "company" means any body corporate or any entity that is treated as a body corporate for tax purposes;
- g) the term "enterprise" applies to the carrying on of any business;
- h) the terms "enterprise of a Contracting State" and "enterprise of the other Contracting State" mean respectively an enterprise carried on by a resident of a Contracting State and an enterprise carried on by a resident of the other Contracting State;
- i) the term "international traffic" means any transport by a ship or aircraft operated by an enterprise that has its place of effective management in a Contracting State, except when the ship or aircraft is operated solely between places in the other Contracting State;
- j) the term "national" means:
 - (i) any individual possessing the nationality of a Contracting State;
 - (ii) any legal person, partnership or association deriving its status as such from the laws in force in a Contracting State;
- k) the term "competent authority" means:
 - (i) in the Netherlands, the Minister of Finance or an authorised representative;
 - (ii) in South Africa, the Commissioner for the South African Revenue Service or an authorised representative.

2. As regards the application of the provisions of the Convention at any time by a Contracting State, any term not defined therein shall, unless the context otherwise requires, have the meaning that it has at that time under the law of that State for the purposes of the taxes to which the Convention applies, any meaning under the applicable tax laws of that State prevailing over a meaning given to the term under other laws of that State.

Article 4

Resident

1. For the purposes of this Convention, the term "resident of a Contracting State" means:
 - a) any person who, under the laws of that State, is liable to tax therein by reason of that person's domicile, residence, place of management or any other criterion of a similar nature, and also includes that State and any political subdivision or local authority thereof. This term, however, does not include any person who is liable to tax in that State in respect only of income from sources in that State or capital situated therein;

- d) sluit die uitdrukking “besigheid” die uitvoering van professionele dienste en van ander bedrywigheede van ’n onafhanklike aard in;
- e) sluit die uitdrukking “persoon” ook ’n individu, ’n maatskappy en enige ander liggaam van persone in;
- f) beteken die uitdrukking “maatskappy” enige regspersoon of enige entiteit wat vir belastingdoeleindes as ’n regspersoon behandel word;
- g) het die uitdrukking “onderneming” betrekking op die dryf van enige besigheid;
- h) beteken die uitdrukkings “onderneming van ’n Kontrakterende Staat” en “onderneming van die ander Kontrakterende Staat” onderskeidelik ’n onderneming gedryf deur ’n inwoner van ’n Kontrakterende Staat en ’n onderneming gedryf deur ’n inwoner van die ander Kontrakterende Staat;
- i) beteken die uitdrukking “internasionale verkeer” enige vervoer per skip of vliegtuig bedryf deur ’n onderneming wat sy plek van effektiewe bestuur in ’n Kontrakterende Staat het, behalwe wanneer die skip of vliegtuig uitsluitlik tussen plekke in die ander Kontrakterende Staat bedryf word;
- j) beteken die uitdrukking “burger”:
 - (i) enige individu wat burgerskap van ’n Kontrakterende Staat het;
 - (ii) enige regspersoon, vennootskap of vereniging wat sodanige status verkry uit die wette wat in ’n Kontrakterende Staat van krag is;
- k) beteken die uitdrukking “bevoegde owerheid”:
 - (i) in die Nederlande, die Minister van Finansies of ’n gemagtigde verteenwoordiger;
 - (ii) in Suid-Afrika, die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens of ’n gemagtigde verteenwoordiger.

2. Betreffende die toepassing te eniger tyd van die bepalinge van die Konvensie deur ’n Kontrakterende Staat het enige uitdrukking wat nie daarin omskryf is nie, tensy die samehang anders vereis, die betekenis wat ingevolge daardie Staat se reg op daardie tydstip daaraan geheg word vir doeleindes van die belastinge waarop die Konvensie van toepassing is, en enige betekenis ingevolge die toepaslike belastingwette van daardie Staat geniet voorrang bo die betekenis aan die uitdrukking gegee kragtens ander wette van daardie Staat.

Artikel 4

Inwoner

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking “inwoner van ’n Kontrakterende Staat”:

- a) enige persoon wat kragtens die wette van daardie Staat daarin belastingpligtig is uit hoofde van daardie persoon se domisilie, verblyf, plek van bestuur of enige ander soortgelyke kriterium, en sluit dit ook daardie Staat en enige staatkundige onderafdeling of plaaslike owerheid daarvan in. Hierdie uitdrukking sluit egter nie ’n persoon in nie wat in daardie Staat belastingpligtig is slegs ten opsigte van inkomste uit bronne in daardie Staat of kapitaal daarin geleë nie;

- b) a pension fund that is recognised and controlled according to the statutory provisions of a Contracting State and the income of which is generally exempt from tax in that State.

2. Where by reason of the provisions of paragraph 1 an individual is a resident of both Contracting States, then that individual's status shall be determined as follows:

- a) the individual shall be deemed to be a resident solely of the State in which a permanent home is available to the individual; if a permanent home is available to the individual in both States, the individual shall be deemed to be a resident solely of the State with which the individual's personal and economic relations are closer (centre of vital interests);
- b) if sole residence cannot be determined under the provisions of subparagraph a), the individual shall be deemed to be a resident solely of the State in which the individual has an habitual abode;
- c) if the individual has an habitual abode in both States or in neither of them, the individual shall be deemed to be a resident solely of the State of which the individual is a national;
- d) if the individual is a national of both States or of neither of them, the competent authorities of the Contracting States shall settle the question by mutual agreement.

3. Where by reason of the provisions of paragraph 1 a person other than an individual is a resident of both Contracting States, then it shall be deemed to be a resident solely of the State in which its place of effective management is situated.

Article 5

Permanent Establishment

1. For the purposes of this Convention, the term "permanent establishment" means a fixed place of business through which the business of an enterprise is wholly or partly carried on.

2. The term "permanent establishment" includes especially:

- a) a place of management;
- b) a branch;
- c) an office;
- d) a factory;
- e) a workshop, and
- f) a mine, an oil or gas well, a quarry or any other place of extraction of natural resources.

3. A building site, a construction, assembly or installation project or any supervisory activity in connection with such site or project, constitutes a permanent establishment only if such site, project or activity lasts more than twelve months.

- b) 'n pensioenfonds wat erken en beheer word ingevolge die statutêre bepalings van 'n Kontrakterende Staat en waarvan die inkomste in die algemeen in daardie Staat van belasting vrygestel is.
2. Waar 'n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 'n inwoner van albei Kontrakterende State is, word daardie individu se status soos volg bepaal:
- a) die individu word geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin 'n permanente tuiste tot die beskikking van die individu is; indien 'n permanente tuiste in albei State tot die beskikking van die individu is, word die individu geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarmee die individu se persoonlike en ekonomiese betrekkinge die nouste is (tuiste van lewensbelange);
- b) indien die uitsluitlike verblyfplek nie ingevolge die bepalings van subparagraaf a) vasgestel kan word nie, word die individu geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin die individu 'n gebruikelike verblyfplek het;
- c) indien die individu 'n gebruikelike verblyfplek in albei State het, of in geeneen van hulle nie, word die individu geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarvan die individu 'n burger is;
- d) indien die individu 'n burger van albei State is, of van geeneen van hulle nie, beslis die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State die saak deur middel van onderlinge ooreenkoms.
3. Waar 'n ander persoon as 'n individu uit hoofde van die bepalings van paragraaf 1 'n inwoner van albei Kontrakterende State is, word dit geag 'n inwoner te wees uitsluitlik van die Staat waarin die plek van effektiewe bestuur daarvan geleë is.

Artikel 5

Permanente Saak

1. Vir doeleindes van hierdie Konvensie beteken die uitdrukking "permanente saak" 'n vaste besigheidsplek waardeur die besigheid van 'n onderneming geheel en al of gedeeltelik gedryf word.
2. Die uitdrukking "permanente saak" sluit veral in:
- a) 'n plek van bestuur;
- b) 'n tak;
- c) 'n kantoor;
- d) 'n fabriek;
- e) 'n werkwinkel, en
- f) 'n myn, 'n olie- of gasbron, 'n steengroef of enige ander plek van ontginning van natuurlike hulpbronne.
3. 'n Bouterrein, 'n konstruksie-, monteer- of installasieprojek of enige toesighoudende bedrywigheid in verband met sodanige terrein of projek, maak 'n permanente saak uit slegs indien sodanige terrein, projek of bedrywigheid langer as twaalf maande voortduur.

4. Notwithstanding the preceding provisions of this Article, the term "permanent establishment" shall be deemed not to include:

- a) the use of facilities solely for the purpose of storage, display or delivery of goods or merchandise belonging to the enterprise;
- b) the maintenance of a stock of goods or merchandise belonging to the enterprise solely for the purpose of storage, display or delivery;
- c) the maintenance of a stock of goods or merchandise belonging to the enterprise solely for the purpose of processing by another enterprise;
- d) the maintenance of a fixed place of business solely for the purpose of purchasing goods or merchandise or of collecting information, for the enterprise;
- e) the maintenance of a fixed place of business solely for the purpose of carrying on, for the enterprise, any other activity of a preparatory or auxiliary character; and
- f) the maintenance of a fixed place of business solely for any combination of activities mentioned in subparagraphs a) to e), provided that the overall activity of the fixed place of business resulting from this combination is of a preparatory or auxiliary character.

5. Notwithstanding the provisions of paragraphs 1 and 2, where a person - other than an agent of an independent status to whom paragraph 6 applies - is acting on behalf of an enterprise and has, and habitually exercises, in a Contracting State an authority to conclude contracts in the name of the enterprise, that enterprise shall be deemed to have a permanent establishment in that State in respect of any activities which that person undertakes for the enterprise, unless the activities of such person are limited to those mentioned in paragraph 4 which, if exercised through a fixed place of business, would not make this fixed place of business a permanent establishment under the provisions of that paragraph.

6. An enterprise shall not be deemed to have a permanent establishment in a Contracting State merely because it carries on business in that State through a broker, general commission agent or any other agent of an independent status, provided that such persons are acting in the ordinary course of their business.

7. The fact that a company which is a resident of a Contracting State controls or is controlled by a company which is a resident of the other Contracting State, or which carries on business in that other State (whether through a permanent establishment or otherwise), shall not of itself constitute either company a permanent establishment of the other.

4. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, word die uitdrukking “permanente saak” geag nie in te sluit nie:

- a) die gebruik van fasiliteite uitsluitlik met die doel om goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, te berg, te vertoon of af te lewer;
- b) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik met die doel om dit te berg, te vertoon of af te lewer;
- c) die instandhouding van 'n voorraad goedere of handelsware wat aan die onderneming behoort, uitsluitlik vir die doel van verwerking deur 'n ander onderneming;
- d) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om vir die onderneming goedere of handelsware aan te koop of inligting in te win;
- e) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik met die doel om enige ander bedrywigheid wat van 'n voorlopige of bykomstige aard is, vir die onderneming te beoefen; en
- f) die instandhouding van 'n vaste besigheidsplek uitsluitlik vir enige kombinasie van bedrywigheide in subparagrafe a) tot e) genoem, met dien verstande dat die algehele bedrywigheid van die vaste besigheidsplek wat spruit uit hierdie kombinasie, van 'n voorlopige of bykomstige aard is.

5. Ondanks die bepalings van paragrafe 1 en 2, waar 'n persoon – uitgesonderd 'n agent met 'n onafhanklike status op wie paragraaf 6 van toepassing is – namens 'n onderneming optree en magtiging het, en dit gewoonlik uitoefen, om in 'n Kontrakterende Staat kontrakte in die naam van die onderneming te sluit, word daardie onderneming geag 'n permanente saak in daardie Staat te hê ten opsigte van enige bedrywigheide wat daardie persoon vir die onderneming onderneem, tensy die bedrywigheide van sodanige persoon beperk is tot dié in paragraaf 4 genoem wat, indien dit deur middel van 'n vaste besigheidsplek uitgeoefen word, nie hierdie vaste besigheidsplek ingevolge die bepalings van daardie paragraaf 'n permanente saak sou maak nie.

6. 'n Onderneming word nie geag 'n permanente saak in 'n Kontrakterende Staat te hê nie bloot omdat dit in daardie Staat besigheid dryf deur middel van 'n makelaar, algemene kommissie-agent of enige ander agent met 'n onafhanklike status, met dien verstande dat sodanige persone in die gewone loop van hulle besigheid optree.

7. Die feit dat 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, beheer het oor of beheer word deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, of wat in daardie ander Staat besigheid dryf (hetsy deur middel van 'n permanente saak of andersins), beteken nie op sigself dat enigeen van die maatskappye 'n permanente saak van die ander is nie.

CHAPTER III
TAXATION OF INCOME

Article 6

Income from Immovable Property

1. Income derived by a resident of a Contracting State from immovable property (including income from agriculture or forestry) situated in the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. The term "immovable property" shall have the meaning which it has under the law of the Contracting State in which the property in question is situated. The term shall in any case include property accessory to immovable property, livestock and equipment used in agriculture and forestry, rights to which the provisions of general law respecting landed property apply, usufruct of immovable property and rights to variable or fixed payments as consideration for the working of, or the right to work, mineral deposits, sources and other natural resources. Ships, boats and aircraft shall not be regarded as immovable property.

3. The provisions of paragraph 1 shall apply to income derived from the direct use, letting or use in any other form of immovable property.

4. The provisions of paragraphs 1 and 3 shall also apply to the income from immovable property of an enterprise.

Article 7

Business Profits

1. The profits of an enterprise of a Contracting State shall be taxable only in that State unless the enterprise carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein. If the enterprise carries on business as aforesaid, the profits of the enterprise may be taxed in the other State but only so much of them as is attributable to that permanent establishment.

2. Subject to the provisions of paragraph 3, where an enterprise of a Contracting State carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein, there shall in each Contracting State be attributed to that permanent establishment the profits which it might be expected to make if it were a distinct and separate enterprise engaged in the same or similar activities under the same or similar conditions and dealing wholly independently with the enterprise of which it is a permanent establishment.

3. In determining the profits of a permanent establishment, there shall be allowed as deductions expenses which are incurred for the purposes of the permanent establishment, including executive and general administrative expenses so incurred, whether in the Contracting State in which the permanent establishment is situated or elsewhere.

HOOFSTUK III

BELASTING VAN INKOMSTE

Artikel 6

Inkomste uit Onroerende Eiendom

1. Inkomste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit onroerende eiendom verkry (met inbegrip van inkomste uit landbou of bosbou) wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.
2. Die uitdrukking "onroerende eiendom" het die betekenis wat daaraan geheg word ingevolge die reg van die Kontrakterende Staat waarin die betrokke eiendom geleë is. Die uitdrukking sluit in ieder geval in eiendom bykomstig by onroerende eiendom, lewende hawe en toerusting wat in landbou en bosbou gebruik word, regte waarop die bepalinge van die algemene reg betreffende grondbesit van toepassing is, vruggebruik van onroerende eiendom en regte op wisselende of vaste betalings as vergoeding vir die ontginning van, of die reg op die ontginning van, mineraalafsettings, bronne en ander natuurlike hulpbronne. Skepe, bote en vliegtuie word nie as onroerende eiendom beskou nie.
3. Die bepalinge van paragraaf 1 is van toepassing op inkomste verkry uit die regstreekse gebruik, verhuring of gebruik in enige ander vorm van onroerende eiendom.
4. Die bepalinge van paragrawe 1 en 3 is ook van toepassing op die inkomste uit onroerende eiendom van 'n onderneming.

Artikel 7

Besigheidswinste

1. Die winste van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat is slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die onderneming in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë is. Indien die onderneming soos voorgemelde besigheid dryf, kan die winste van die onderneming in die ander Staat belas word, maar slegs soveel daarvan as wat aan daardie permanente saak toeskryfbaar is.
2. Behoudens die bepalinge van paragraaf 3, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak wat daarin geleë is, word daar in elke Kontrakterende Staat aan daardie permanente saak die winste toegeskryf wat dit na verwagting sou kon behaal indien dit 'n afsonderlike en aparte onderneming was wat met dieselfde of soortgelyke bedrywighede onder dieselfde of soortgelyke voorwaardes besig is en geheel en al onafhanklik sake doen met die onderneming waarvan dit 'n permanente saak is.
3. By die vasstelling van die winste van 'n permanente saak word uitgawes wat vir doeleindes van die permanente saak aangegaan word, insluitende bestuurs- en algemene administratiewe uitgawes aldus aangegaan, as aftrekkings toegelaat, hetsy in die Kontrakterende Staat waarin die permanente saak geleë is of elders.

4. Insofar as it has been customary in a Contracting State to determine the profits to be attributed to a permanent establishment on the basis of an apportionment of the total profits of the enterprise to its various parts, nothing in paragraph 2 shall preclude that Contracting State from determining the profits to be taxed by such an apportionment as may be customary. The method of apportionment adopted shall, however, be such that the result shall be in accordance with the principles contained in this Article.

5. No profits shall be attributed to a permanent establishment by reason of the mere purchase by that permanent establishment of goods or merchandise for the enterprise.

6. For the purposes of the preceding paragraphs, the profits to be attributed to the permanent establishment shall be determined by the same method year by year unless there is good and sufficient reason to the contrary.

7. Where profits include items of income which are dealt with separately in other Articles of this Convention, then the provisions of those Articles shall not be affected by the provisions of this Article.

Article 8

Shipping and Air Transport

1. Profits from the operation of ships or aircraft in international traffic shall be taxable only in the Contracting State in which the place of effective management of the enterprise is situated.

2. If the place of effective management of a shipping enterprise is aboard a ship, then it shall be deemed to be situated in the Contracting State in which the home harbour of the ship is situated, or, if there is no such home harbour, in the Contracting State of which the operator of the ship is a resident.

3. For the purposes of this Convention, profits derived by an enterprise of one of the States from the operation of ships or aircraft in international traffic shall include profits from:

- a) the rental of ships or aircraft operated in international traffic;
- b) the use or rental of containers (including trailers and related equipment for the transport of containers) used in international traffic; and
- c) the rental of ships, aircraft or containers (including trailers and related equipment for the transport of containers or the maintenance thereof) provided that such profits are incidental to profits referred to in paragraph 1, or subparagraphs a) or b) of this paragraph.

4. The provisions of paragraph 1 shall also apply to profits from the participation in a pool, a joint business or an international operating agency.

4. Vir sover dit in 'n Kontrakterende Staat gebruiklik is om die winste wat aan 'n permanente saak toegeskryf moet word, vas te stel op die grondslag van 'n toedeling van die totale winste van die onderneming aan sy onderskeie dele, belet niks in paragraaf 2 daardie Kontrakterende Staat om die winste wat belas moet word, deur sodanige toedeling as wat gebruiklik is, vas te stel nie. Die metode van toedeling wat aanvaar word, moet egter sodanig wees dat die resultaat in ooreenstemming is met die beginsels in hierdie Artikel vervat.

5. Geen winste word aan 'n permanente saak toegeskryf uit hoofde van die blote aankoop deur daardie permanente saak van goedere of handelsware vir die onderneming nie.

6. Vir doeleindes van die voorgaande paragrawe, word die winste wat aan die permanente saak toegeskryf moet word, jaar na jaar volgens dieselfde metode vasgestel, tensy daar goeie en afdoende rede vir die teendeel is.

7. Waar winste inkomste-items insluit wat afsonderlik in ander Artikels van hierdie Konvensie behandel word, word die bepalings van daardie Artikels nie deur die bepalings van hierdie Artikel geraak nie.

Artikel 8

Skeepvaart en Lugvervoer

1. Winste uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer is slegs in die Kontrakterende Staat waarin die plek van effektiewe bestuur van die onderneming geleë is, belasbaar.

2. Indien die plek van effektiewe bestuur van 'n skeepvaartonderneming aan boord van 'n skip is, word dit geag geleë te wees in die Kontrakterende Staat waarin die tuishawe van die skip geleë is, of, indien daar geen sodanige tuishawe is nie, in die Kontrakterende Staat waarvan die operateur van die skip 'n inwoner is.

3. Vir doeleindes van hierdie Konvensie sluit winste verkry deur 'n onderneming van een van die State uit die bedryf van skepe of vliegtuie in internasionale verkeer, winste in uit:

- a) die verhuring van skepe of vliegtuie bedryf in internasionale verkeer;
- b) die gebruik of verhuring van houers (met inbegrip van treilers en verwante toerusting vir die vervoer van houers) gebruik in internasionale verkeer; en
- c) die verhuring van skepe, vliegtuie of houers (met inbegrip van treilers en verwante toerusting vir die vervoer van houers of die instandhouding daarvan), met dien verstande dat sodanige winste bykomstig is by winste in paragraaf 1, of subparagrafe a) of b) van hierdie paragraaf, bedoel.

4. Die bepalings van paragraaf 1 is ook van toepassing op winste verkry uit die deelname aan 'n poel, 'n gesamentlike besigheid of 'n internasionale bedryfsagentskap.

Article 9***Associated Enterprises***

1. Where

- a) an enterprise of a Contracting State participates directly or indirectly in the management, control or capital of an enterprise of the other Contracting State, or
- b) the same persons participate directly or indirectly in the management, control or capital of an enterprise of a Contracting State and an enterprise of the other Contracting State,

and in either case conditions are made or imposed between the two enterprises in their commercial or financial relations which differ from those which would be made between independent enterprises, then any profits which would, but for those conditions, have accrued to one of the enterprises, but, by reason of those conditions, have not so accrued, may be included in the profits of that enterprise and taxed accordingly.

2. Where a Contracting State includes in the profits of an enterprise of that State – and taxes accordingly – profits on which an enterprise of the other Contracting State has been charged to tax in that other State and the profits so included are profits which would have accrued to the enterprise of the first-mentioned State if the conditions made between the two enterprises had been those which would have been made between independent enterprises, then that other State shall make an appropriate adjustment to the amount of the tax charged therein on those profits. In determining such adjustment, due regard shall be had to the other provisions of this Convention and the competent authorities of the Contracting States shall if necessary consult each other.

Article 10***Dividends***

1. Dividends paid by a company which is a resident of a Contracting State to a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. However, such dividends may also be taxed in the Contracting State of which the company paying the dividends is a resident and according to the laws of that State, but if the beneficial owner of the dividends is a resident of the other Contracting State, the tax so charged shall not exceed 15 per cent of the gross amount of the dividends.

3. Notwithstanding the provisions of paragraph 2, the Contracting State of which the company is a resident shall not levy a tax on dividends paid by that company, if the beneficial owner of the dividends is a company the capital of which is wholly or partly divided into shares and which is a resident of the other Contracting State and holds directly at least 10 per cent of the capital of the company paying the dividends.

4. The competent authorities of the Contracting States shall by mutual agreement settle the mode of application of paragraphs 2 and 3.

Artikel 9**Verwante Ondernemings**

1. Waar

- a) 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem, of
- b) dieselfde persone regstreeks of onregstreeks aan die bestuur van, beheer oor of kapitaal van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat en 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat deelneem,

en voorwaardes in enigeen van die gevalle tussen die twee ondernemings met betrekking tot hul handels- of finansiële betrekkinge gestel of opgelê word wat verskil van dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou word, kan enige winste wat by ontstentenis van daardie voorwaardes aan een van die ondernemings sou toegeval het, maar as gevolg van daardie voorwaardes nie aldus toegeval het nie, by die winste van daardie onderneming ingesluit en dienoooreenkomstig belas word.

2. Waar 'n Kontrakterende Staat by die winste van 'n onderneming van daardie Staat winste insluit - en dit dienoooreenkomstig belas - waarop 'n onderneming van die ander Kontrakterende Staat in daardie ander Staat belas is en die winste aldus ingesluit winste is wat aan die onderneming van eersgenoemde Staat sou toegeval het indien die voorwaardes tussen die twee ondernemings gestel dieselfde was as dié wat tussen onafhanklike ondernemings gestel sou gewees het, pas daardie ander Staat die bedrag van die belasting wat op daardie winste gehef word, toepaslik aan. By die vasstelling van sodanige aanpassing, moet die ander bepalings van hierdie Konvensie behoorlik in ag geneem word en die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State mekaar, indien nodig, raadpleeg.

Artikel 10**Dividende**

1. Dividende betaal deur 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Sodanige dividende kan egter ook belas word in die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal, 'n inwoner is, en wel ooreenkomstig die wette van daardie Staat, maar indien die voordelige eienaar van die dividende 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, gaan die belasting aldus opgelê nie 15 persent van die bruto bedrag van die dividende te bowe nie.

3. Ondanks die bepalings van paragraaf 2, hef die Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy 'n inwoner is, nie 'n belasting op dividende deur daardie maatskappy betaal nie, indien die voordelige eienaar van die dividende 'n maatskappy is waarvan die kapitaal ten volle of gedeeltelik in aandele verdeel is en wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is en regstreeks minstens 10 persent hou van die kapitaal van die maatskappy wat die dividende betaal.

4. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet die wyse van toepassing van paragrawe 2 en 3 deur onderlinge ooreenkoms bepaal.

5. The provisions of paragraphs 2 and 3 shall not affect the taxation of the company in respect of the profits out of which the dividends are paid.

6. The term "dividends" as used in this Article means income from shares, "jouissance" shares or "jouissance" rights, mining shares, founders' shares or other rights participating in profits, as well as income from debt-claims participating in profits and income from other corporate rights which is subjected to the same taxation treatment as income from shares by the laws of the State of which the company making the distribution is a resident.

7. The provisions of paragraphs 1, 2 and 3 shall not apply if the beneficial owner of the dividends, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State of which the company paying the dividends is a resident, through a permanent establishment situated therein and the holding in respect of which the dividends are paid is effectively connected with such permanent establishment. In such case the provisions of Article 7 shall apply.

8. Where a company which is a resident of a Contracting State derives profits or income from the other Contracting State, that other State may not impose any tax on the dividends paid by the company, except insofar as such dividends are paid to a resident of that other State or insofar as the holding in respect of which the dividends are paid is effectively connected with a permanent establishment situated in that other State, nor subject the company's undistributed profits to a tax on the company's undistributed profits, even if the dividends paid or the undistributed profits consist wholly or partly of profits or income arising in such other State.

9. The provisions of this Article shall not apply if it was the main purpose or one of the main purposes of any person concerned with the creation or assignment of the shares or other rights in respect of which the dividend is paid to take advantage of this Article by means of that creation or assignment.

Article 11

Interest

1. Interest arising in a Contracting State and beneficially owned by a resident of the other Contracting State shall be taxable only in that other State.

2. The competent authorities of the Contracting States shall by mutual agreement settle the mode of application of paragraph 1.

3. The term "interest" as used in this Article means income from debt-claims of every kind, whether or not secured by mortgage, but not carrying a right to participate in the debtor's profits, and in particular income from government securities and income from bonds or debentures, including premiums and prizes attaching to such securities, bonds or debentures. Penalty charges for late payment shall not be regarded as interest for the purpose of this Article.

4. The provisions of paragraph 1 shall not apply if the beneficial owner of the interest, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State in which the interest arises, through a permanent establishment situated therein and the debt-claim in respect of which the interest is paid is effectively connected with such permanent establishment. In such case the provisions of Article 7 shall apply.

5. Die bepalings van paragrawe 2 en 3 raak nie die belasting van die maatskappy ten opsigte van die winste waaruit die dividende betaal word nie.

6. Die uitdrukking "dividende" soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit aandele, "jouissance"-aandele of "jouissance"-regte, mynaandele, stigtersaandele of ander regte wat in winste deel, asook inkomste uit skuldeise wat in winste deel en inkomste uit ander regspersoonsregte wat aan dieselfde belastingbehandeling as inkomste uit aandele onderwerp word deur die wette van die Staat waarvan die maatskappy wat die uitkering doen, 'n inwoner is.

7. Die bepalings van paragrawe 1, 2 en 3 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die dividende, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarvan die maatskappy wat die dividende betaal 'n inwoner is, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë en die aandelebesit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.

8. Waar 'n maatskappy wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, winste of inkomste uit die ander Kontrakterende Staat verkry, hef daardie ander Staat nie belasting op die dividende betaal deur die maatskappy nie, behalwe vir sover sodanige dividende betaal word aan 'n inwoner van daardie ander Staat of vir sover die aandelebesit ten opsigte waarvan die dividende betaal word, effektief verbonde is aan 'n permanente saak geleë in daardie ander Staat, en onderwerp ook nie die maatskappy se onuitgekeerde winste aan 'n belasting op die maatskappy se onuitgekeerde winste nie, selfs al bestaan die betaalde dividende of die onuitgekeerde winste geheel en al of gedeeltelik uit winste of inkomste wat in sodanige ander Staat ontstaan.

9. Die bepalings van hierdie Artikel is nie van toepassing nie indien dit die hoofdoel of een van die hooftoelwitte van enige persoon betrokke by die skepping of toedeling van die aandele of ander regte ten opsigte waarvan die dividende betaal word, om voordeel uit hierdie Artikel te trek deur middel van daardie skepping of toedeling.

Artikel 11

Rente

1. Rente wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en voordelig besit word deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, is slegs in daardie ander Staat belasbaar.

2. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State bepaal die wyse van toepassing van paragraaf 1 deur onderlinge ooreenkoms.

3. Die uitdrukking "rente" soos in hierdie Artikel gebruik, beteken inkomste uit alle soorte skuldeise, hetsy gesekureer deur verband al dan nie, maar nie 'n reg inhou om in die skuldenaar se winste te deel nie en, in die besonder, inkomste uit staatseffekte en inkomste uit obligasies of skuldbriewe, met inbegrip van premies en pryse aan sodanige effekte, obligasies of skuldbriewe verbonde. Boeteheffings vir laat betaling word by die toepassing van hierdie Artikel nie as rente beskou nie.

4. Die bepalings van paragraaf 1 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die rente, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die rente ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë en die skuldeis ten opsigte waarvan die rente betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.

5. Interest shall be deemed to arise in a Contracting State when the payer is a resident of that State. Where, however, the person paying the interest, whether that person is a resident of a Contracting State or not, has in a Contracting State a permanent establishment in connection with which the indebtedness on which the interest is paid was incurred, and such interest is borne by such permanent establishment, then such interest shall be deemed to arise in the State in which the permanent establishment is situated.

6. Where, by reason of a special relationship between the payer and the beneficial owner or between both of them and some other person, the amount of the interest, having regard to the debt-claim for which it is paid, exceeds the amount which would have been agreed upon by the payer and the beneficial owner in the absence of such relationship, the provisions of this Article shall apply only to the last-mentioned amount. In such case, the excess part of the payments shall remain taxable according to the laws of each Contracting State, due regard being had to the other provisions of this Convention.

Article 12

Royalties

1. Royalties arising in a Contracting State and beneficially owned by a resident of the other Contracting State shall be taxable only in that other State.

2. The competent authorities of the Contracting States shall by mutual agreement settle the mode of application of paragraph 1.

3. The term "royalties" as used in this Article means payments of any kind received as a consideration for the use of, or the right to use, any copyright of literary, artistic or scientific work (including cinematograph films and films, tapes or discs for radio or television broadcasting), any patent, trade mark, design or model, plan, secret formula or process, or for information concerning industrial, commercial or scientific experience.

4. The provisions of paragraph 1 shall not apply if the beneficial owner of the royalties, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State in which the royalties arise, through a permanent establishment situated therein and the right or property in respect of which the royalties are paid is effectively connected with such permanent establishment. In such case the provisions of Article 7 shall apply.

5. Royalties shall be deemed to arise in a Contracting State when the payer is a resident of that State. Where, however, the person paying the royalties, whether that person is a resident of a Contracting State or not, has in a Contracting State a permanent establishment with which the right or property in respect of which the royalties are paid is effectively connected, and such royalties are borne by such permanent establishment, then such royalties shall be deemed to arise in the State in which the permanent establishment is situated.

6. Where, by reason of a special relationship between the payer and the beneficial owner or between both of them and some other person, the amount of the royalties, having regard to the use, right or information for which they are paid, exceeds the amount which would have been agreed upon by the payer and the beneficial owner in the absence of such relationship, the provisions of this Article shall apply only to the last-mentioned amount. In such case, the excess part of the payments shall remain taxable according to the laws of each Contracting State, due regard being had to the other provisions of this Convention.

5. Rente word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die rente betaal, hetsy daardie persoon 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak het in verband waarmee die skuldeis waarop die rente betaal word, aangegaan is, en sodanige rente deur sodanige permanente saak gedra word, word sodanige rente geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak geleë is.

6. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die rente, met inagneming van die skuldeis waarvoor dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waarop die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval, bly die oormaat deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.

Artikel 12

Tantième

1. Tantième wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en voordelig besit word deur 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, is slegs in daardie ander Staat belasbaar.

2. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State bepaal die wyse van toepassing van paragraaf 1 deur onderlinge ooreenkoms.

3. Die uitdrukking "tantième" soos in hierdie Artikel gebruik, beteken betaling van enige aard ontvang as vergoeding vir die gebruik van, of die reg op die gebruik van, enige outeursreg op letterkundige, artistieke of wetenskaplike werk (met inbegrip van kinematograaffilms en films, bande of skywe vir radio- of televisie- uitsending) enige patent, handelsmerk, ontwerp of model, plan, geheime formule of proses, of vir inligting aangaande industriële, kommersiële of wetenskaplike ondervinding.

4. Die bepalings van paragraaf 1 is nie van toepassing nie indien die voordelige eienaar van die tantième, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat waarin die tantième ontstaan, besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief verbonde is aan sodanige permanente saak. In sodanige geval is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.

5. Tantième word geag in 'n Kontrakterende Staat te ontstaan wanneer die betaler 'n inwoner van daardie Staat is. Waar die persoon wat die tantième betaal, hetsy daardie persoon 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is al dan nie, egter in 'n Kontrakterende Staat 'n permanente saak het waaraan die reg of eiendom ten opsigte waarvan die tantième betaal word, effektief verbonde is, en sodanige tantième deur sodanige permanente saak gedra word, word sodanige tantième geag te ontstaan in die Staat waarin die permanente saak geleë is.

6. Waar, vanweë 'n besondere verband tussen die betaler en die voordelige eienaar of tussen hulle albei en 'n ander persoon, die bedrag van die tantième, met inagneming van die gebruik, reg of inligting waarvoor dit betaal word, die bedrag te bowe gaan waarop die betaler en die voordelige eienaar by ontstentenis van sodanige verband sou ooreengekom het, is die bepalings van hierdie Artikel slegs op laasgenoemde bedrag van toepassing. In sodanige geval, bly die oormaat deel van die betalings belasbaar ooreenkomstig die wette van elk van die Kontrakterende State, met behoorlike inagneming van die ander bepalings van hierdie Konvensie.

Article 13

Capital Gains

1. Gains derived by a resident of a Contracting State from the alienation of immovable property referred to in Article 6 and situated in the other Contracting State may be taxed in that other State.

2. Gains from the alienation of movable property forming part of the business property of a permanent establishment which an enterprise of a Contracting State has in the other Contracting State, including such gains from the alienation of such a permanent establishment (alone or with the whole enterprise), may be taxed in that other State.

3. Gains from the alienation of ships or aircraft operated in international traffic or movable property pertaining to the operation of such ships or aircraft, shall be taxable only in the Contracting State in which the place of effective management of the enterprise is situated. For the purposes of this paragraph the provisions of paragraph 2 of Article 8 shall apply.

4. Gains from the alienation of any property other than that referred to in paragraphs 1, 2 and 3, shall be taxable only in the Contracting State of which the alienator is a resident.

5. Notwithstanding the provisions of paragraph 4, a Contracting State may, in accordance with its own laws, including the interpretation of the term "alienation", levy tax on gains derived by an individual who is a resident of the other Contracting State from the alienation of shares in, "jouissance" rights of or debt-claims on a company whose capital is divided into shares and which, under the laws of the first-mentioned Contracting State, is a resident of that State, and from the alienation of part of the rights attached to the said shares, "jouissance" shares or debt-claims, if that individual – either alone or with his or her spouse – or one of their relations by blood or marriage in the direct line directly or indirectly holds at least 5 per cent of the issued capital of a particular class of shares in that company. This provision shall apply only if the individual who derives the gains was a resident of the first-mentioned State at any time during the ten years preceding the year in which the gains are derived and provided that, at the time the individual became a resident of the other Contracting State, the above-mentioned conditions regarding share ownership in the said company were satisfied. In cases where, under the domestic laws of the first-mentioned Contracting State, an assessment has been issued to the individual in respect of the alienation of the aforesaid shares which is deemed to have taken place at the time of the individual's emigration from the first-mentioned Contracting State, the above shall apply only as long as part of the assessment is still due.

Article 14

Income from Employment

1. Subject to the provisions of Articles 15, 17, 18 and 19, salaries, wages and other similar remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment shall be taxable only in that State unless the employment is exercised in the other Contracting State. If the employment is so exercised, such remuneration as is derived therefrom may be taxed in that other State.

Artikel 13

Kapitaalwinste

1. Winste deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat verkry uit die vervreemding van onroerende eiendom in Artikel 6 bedoel en wat in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Winste uit die vervreemding van roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, met inbegrip van sodanige winste uit die vervreemding van so 'n permanente saak (alleen of tesame met die onderneming in sy geheel), kan in daardie ander Staat belas word.

3. Winste uit die vervreemding van skepe of vliegtuie bedryf in internasionale verkeer of roerende eiendom wat betrekking het op die bedryf van sodanige skepe of vliegtuie, is slegs in die Kontrakterende Staat waarin die plek van effektiewe bestuur van die onderneming geleë is, belasbaar. Vir doeleindes van hierdie paragraaf is die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 8 van toepassing.

4. Winste uit die vervreemding van enige ander eiendom as dié bedoel in paragrawe 1, 2 en 3, is slegs belasbaar in die Kontrakterende Staat waarvan die vervreemder 'n inwoner is.

5. Ondanks die bepalings van paragraaf 4, kan 'n Kontrakterende Staat ooreenkomstig sy eie wette, met inbegrip van die vertolking van die uitdrukking "vervreemding", belasting hef op winste verkry deur 'n individu wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, uit die vervreemding van aandele in, "jouissance"-regte van of skuldeise in 'n maatskappy waarvan die kapitaal in aandele verdeel is en wat, ingevolge die wette van die eersgenoemde Kontrakterende Staat, 'n inwoner van daardie Staat is, en uit die vervreemding van 'n gedeelte van die regte wat aan genoemde aandele gekoppel is, "jouissance"-aandele of skuldeise, indien daardie individu – of alleen of met sy of haar gade – of een van hulle familielede wat bloedverwant of aangetroud is in die direkte lyn, direk of indirek minstens 5 persent hou van die uitgereikte kapitaal van 'n bepaalde klas aandele in daardie maatskappy. Hierdie bepaling is slegs van toepassing indien die individu wat die winste verkry 'n inwoner van die eersgenoemde Staat was te eniger tyd gedurende die tien jaar wat die jaar waarin die winste verkry word voorafgaan en met dien verstande dat, op die tydstop toe die individu 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat geword het, die bogenoemde voorwaardes met betrekking tot aandeelbesit in bedoelde maatskappy bevredig was. In gevalle waar, ingevolge die landsreg van die eersgenoemde Kontrakterende Staat, 'n aanslag aan die individu uitgereik is ten opsigte van die vervreemding van die voormelde aandele wat geag word plaas te gevind het ten tyde van die individu se emigrasie uit die eersgenoemde Kontrakterende Staat, is die bogemelde slegs van toepassing vir solank as wat 'n gedeelte van die aanslag nog verskuldig is.

Artikel 14

Inkomste uit 'n Diensbetrekking

1. Behoudens die bepalings van Artikels 15, 17, 18 en 19, is salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking, slegs in daardie Staat belasbaar, tensy die diensbetrekking in die ander Kontrakterende Staat beoefen word. Indien die diensbetrekking aldus beoefen word, kan sodanige besoldiging as wat daaruit verkry word, in daardie ander Staat belas word.

2. Notwithstanding the provisions of paragraph 1, remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment exercised in the other Contracting State shall be taxable only in the first-mentioned State if:

- a) the recipient is present in the other State for a period or periods not exceeding in the aggregate 183 days in any twelve month period commencing or ending in the fiscal year concerned, and
- b) the remuneration is paid by, or on behalf of, an employer who is not a resident of the other State, and
- c) the remuneration is not borne by a permanent establishment which the employer has in the other State.

3. Notwithstanding the preceding provisions of this Article, remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment exercised aboard a ship or aircraft operated in international traffic, shall be taxable only in that State.

Article 15

Directors' Fees

Directors' fees or other remuneration derived by a resident of a Contracting State in that person's capacity as a member of the board of directors, a "bestuurder" or a "commissaris" of a company which is a resident of the other Contracting State may be taxed in that other State.

Article 16

Entertainers and Sportspersons

1. Notwithstanding the provisions of Articles 7 and 14, income derived by a resident of a Contracting State as an entertainer, such as a theatre, motion picture, radio or television artiste, or a musician, or as a sportsperson, from that person's personal activities as such exercised in the other Contracting State, may be taxed in that other State.

2. Where income in respect of personal activities exercised by an entertainer or a sportsperson in that person's capacity as such accrues not to the entertainer or sportsperson but to another person, that income may, notwithstanding the provisions of Articles 7 and 14, be taxed in the Contracting State in which the activities of the entertainer or sportsperson are exercised.

3. Paragraphs 1 and 2 shall not apply to income derived by a resident of a Contracting State from activities exercised in the other Contracting State if the visit to that other State is supported wholly or mainly by public funds of the first-mentioned State, a political subdivision or a local authority thereof, or takes place under a cultural agreement or arrangement between the Governments of the Contracting States. In such case, the income shall be taxable only in the Contracting State of which the entertainer or sportsperson is a resident.

2. Ondanks die bepalings van paragraaf 1, is besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen in die ander Kontrakterende Staat, slegs in eersgenoemde Staat belasbaar indien:

- a) die ontvanger in die ander Staat teenwoordig is vir 'n tydperk of tydperke wat altesaam nie 183 dae in enige tydperk van twaalf maande beginnende of eindigende in die betrokke fiskale jaar, te bowe gaan nie, en
- b) die besoldiging betaal word deur, of namens, 'n werkgewer wat nie 'n inwoner van die ander Staat is nie, en
- (c) die besoldiging nie gedra word deur 'n permanente saak wat die werkgewer in die ander Staat het nie.

3. Ondanks die voorgaande bepalings van hierdie Artikel, is besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking beoefen aan boord van 'n skip of vliegtuig bedryf in internasionale verkeer, slegs in daardie Staat belasbaar.

Artikel 15

Direkteursgelde

Direkteursgelde of ander besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat in daardie persoon se hoedanigheid van lid van die direksie, 'n "bestuurder" of 'n "commissaris" van 'n maatskappy wat 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat is, kan in daardie ander Staat belas word.

Artikel 16

Verhoogkunstenaars en Sportlui

1. Ondanks die bepalings van Artikels 7 en 14, kan inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat as 'n verhoogkunstenaar, soos 'n teater-, rolprent-, radio- of televisie-arties, of 'n musikant, of as 'n sportpersoon, uit daardie persoon se persoonlike bedrywighede as sodanig wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word, in daardie ander Staat belas word.

2. Waar inkomste ten opsigte van persoonlike bedrywighede wat deur 'n verhoogkunstenaar of 'n sportpersoon in dié hoedanigheid beoefen word, nie aan die verhoogkunstenaar of sportpersoon self toeval nie, maar aan 'n ander persoon, kan daardie inkomste, ondanks die bepalings van Artikels 7 en 14, belas word in die Kontrakterende Staat waarin die bedrywighede van die verhoogkunstenaar of sportpersoon beoefen word.

3. Paragrafe 1 en 2 is nie van toepassing nie op inkomste verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat uit bedrywighede wat in die ander Kontrakterende Staat beoefen word indien die besoek aan daardie ander Staat geheel en al of hoofsaaklik ondersteun word deur openbare fondse van die eersgenoemde Staat, 'n staatkundige onderverdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan, of ingevolge 'n kulturele ooreenkoms of reëling tussen die Regerings van die Kontrakterende State plaasvind. In sodanige geval, is die inkomste slegs in die Kontrakterende Staat waarvan die verhoogkunstenaar of sportpersoon 'n inwoner is, belasbaar.

Article 17***Pensions, Annuities and Social Security Payments***

1. Pensions and other similar remuneration, and annuities, arising in a Contracting State and paid to a resident of the other Contracting State, may be taxed in the first-mentioned State.

2. Any pension and other payment paid out under the provisions of a social security system of a Contracting State to a resident of the other Contracting State may be taxed in the first-mentioned State.

3. The term "annuity" means a stated sum payable periodically at stated times during life or during a specified or ascertainable period of time under an obligation to make the payments in return for adequate and full consideration in money or money's worth.

4. A pension or other similar remuneration or annuity is deemed to be derived from a Contracting State if and insofar as the contributions or payments associated with the pension or similar remuneration or annuity, or the entitlements received from it qualified for tax relief in that State. The transfer of a pension from a pension fund or an insurance company in a Contracting State to a pension fund or an insurance company in another State will not restrict in any way the taxing rights of the first-mentioned State under this Article.

Article 18***Government Service***

1. a) Salaries, wages and other similar remuneration, other than a pension, paid by a Contracting State or a political subdivision or a local authority thereof to an individual in respect of services rendered to that State or subdivision or authority may be taxed in that State.

b) However, such salaries, wages and other similar remuneration shall be taxable only in the other Contracting State if the services are rendered in that State and the individual is a resident of that State who:

- (i) is a national of that State; or
- (ii) did not become a resident of that State solely for the purpose of rendering the services.

2. The provisions of Articles 14, 15 and 17 shall apply to salaries, wages and other similar remuneration, and to pensions, in respect of services rendered in connection with a business carried on by a Contracting State or a political subdivision or a local authority thereof.

Artikel 17

Pensioene, Annuïteite en Bestaansbeveiligingsbetalings

1. Pensioene en ander soortgelyke besoldiging, en annuïteite, wat in 'n Kontrakterende Staat ontstaan en aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat betaal word, kan in eersgenoemde Staat belas word.

2. Enige pensioen en ander betaling uitbetaal ingevolge die bepalings van 'n bestaansbeveiligingstelsel van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat kan in die eersgenoemde Staat belas word.

3. Die uitdrukking "annuïteit" beteken 'n vermeldde bedrag wat periodiek op vermeldde tye gedurende lewe of gedurende 'n gespesifiseerde of vasstelbare tydperk betaalbaar is ingevolge 'n verpligting om die betalings te doen in ruil vir voldoende en volle vergoeding in geld of geldwaarde.

4. 'n Pensioen of ander soortgelyke besoldiging of annuïteit word geag verkry te wees vanaf 'n Kontrakterende Staat indien en vir sover as wat die bydraes of betalings verwant aan die pensioen of soortgelyke besoldiging of annuïteit, of die regte daaruit ontvang in daardie Staat vir verligting gekwalifiseer het. Die oordrag van 'n pensioen uit 'n pensioenfonds of 'n versekeringsmaatskappy in 'n Kontrakterende Staat na 'n pensioenfonds of 'n versekeringsmaatskappy in 'n ander Staat beperk in geen mate die belastingreg van die eersgenoemde Staat ingevolge hierdie Artikel nie.

Artikel 18

Regeringsdiens

1. a) Salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging, uitgesonderd 'n pensioen, betaal deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan aan 'n individu ten opsigte van dienste gelewer aan daardie Staat of onderafdeling of owerheid, kan in daardie Staat belas word.
- b) Sodanige salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging is egter slegs in die ander Kontrakterende Staat belasbaar indien die dienste in daardie Staat gelewer word en die individu 'n inwoner van daardie Staat is wat:
 - (i) 'n burger van daardie Staat is; of
 - (ii) nie 'n inwoner van daardie Staat geword het met die uitsluitlike doel om die dienste te lewer nie.

2. Die bepalings van Artikels 14, 15 en 17 is van toepassing op salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging en op pensioene ten opsigte van dienste gelewer in verband met 'n besigheid gedryf deur 'n Kontrakterende Staat of 'n staatkundige onderafdeling of 'n plaaslike owerheid daarvan.

Article 19***Professors and Teachers***

1. An individual who visits one of the Contracting States for a period not exceeding two years for the purpose of teaching or engaging in research at a university, college or other recognised educational institution in that State, and who was immediately before that visit a resident of the other Contracting State shall be taxable only in that other State on any remuneration for such teaching or research for a period not exceeding two years from the first date the individual first visits the first-mentioned State for such purpose.

2. This Article shall not apply to income from research if such research is undertaken not in the public interest but primarily for the private benefit of a specific person or persons.

Article 20***Students***

Students or business apprentices who are present in a Contracting State solely for the purpose of their education or training and who are, or immediately before being so present were residents of the other Contracting State, shall be exempt from tax in the first-mentioned State on payments received from outside that first-mentioned State for the purpose of their maintenance, education or training.

Article 21***Other Income***

1. Items of income of a resident of a Contracting State, wherever arising, not dealt with in the foregoing Articles of this Convention shall be taxable only in that State.

2. The provisions of paragraph 1 shall not apply to income, other than income from immovable property as defined in paragraph 2 of Article 6, if the recipient of such income, being a resident of a Contracting State, carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein and the right or property in respect of which the income is paid is effectively connected with such permanent establishment. In such case the provisions of Article 7 shall apply.

Artikel 19***Professore en Onderwysers***

1. 'n Individue wat een van die Kontrakterende State besoek vir 'n tydperk wat nie twee jaar te bowe gaan nie met die doel om onderrig te gee aan of navorsing te doen by 'n universiteit, kollege of ander erkende opvoedkundige inrigting in daardie Staat en wat onmiddellik voor daardie besoek 'n inwoner was van die ander Kontrakterende Staat, is slegs in daardie ander Staat belasbaar op enige besoldiging ontvang vir sodanige onderrig of navorsing vir 'n tydperk wat nie twee jaar vanaf die eerste datum waarop die individu vir die eerste keer die eersgenoemde Staat vir sodanige doel besoek nie, te bowe gaan nie.

2. Hierdie Artikel is nie van toepassing nie op inkomste uit navorsing indien sodanige navorsing nie in die openbare belang onderneem word nie maar hoofsaaklik vir die private voordeel van 'n spesifieke persoon of persone.

Artikel 20***Studente***

Studente of besigheidsvakleerlinge wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is uitsluitlik vir die doel van hulle onderrig of opleiding en wat inwoners is, of onmiddellik voor sodanige teenwoordigheid inwoners was, van die ander Kontrakterende Staat, is in eersgenoemde Staat vrygestel van belasting op betalings ontvang van buite daardie eersgenoemde Staat vir die doel van hulle onderhoud, onderrig of opleiding.

Artikel 21***Ander Inkomste***

1. Inkomste-items van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat, waar dit ook al ontstaan, wat nie in die voorgaande Artikels van hierdie Konvensie behandel is nie, is slegs in daardie Staat belasbaar.

2. Die bepalings van paragraaf 1 is nie van toepassing op inkomste nie, behalwe inkomste uit onroerende eiendom soos in paragraaf 2 van Artikel 6 omskryf, indien die ontvanger van sodanige inkomste, wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is, in die ander Kontrakterende Staat besigheid dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë en die reg of eiendom ten opsigte waarvan die inkomste betaal word, effektief met sodanige permanente saak verbonde is. In sodanige geval, is die bepalings van Artikel 7 van toepassing.

Chapter IV**TAXATION OF CAPITAL****Article 22*****Capital***

1. Capital represented by immovable property referred to in Article 6, owned by a resident of a Contracting State and situated in the other Contracting State, may be taxed in that other State.
2. Capital represented by movable property forming part of the business property of a permanent establishment which an enterprise of a Contracting State has in the other Contracting State may be taxed in that other State.
3. Capital represented by ships and aircraft operated in international traffic and by movable property pertaining to the operation of such ships and aircraft, shall be taxable only in the Contracting State in which the place of effective management of the enterprise is situated. For the purposes of this paragraph the provisions of paragraph 2 of Article 8 shall apply.
4. All other elements of capital of a resident of a Contracting State shall be taxable only in that State.

CHAPTER V**ELIMINATION OF DOUBLE TAXATION****Article 23*****Elimination of Double Taxation***

1. The Netherlands, when imposing tax on its residents, may include in the basis upon which such taxes are imposed the items of income or capital which, according to the provisions of this Convention, may be taxed in South Africa.
2. However, where a resident of the Netherlands derives items of income or owns items of capital which according to Article 6, Article 7, paragraph 7 of Article 10, paragraph 4 of Article 11, paragraph 4 of Article 12, paragraphs 1 and 2 of Article 13, paragraph 1 of Article 14, paragraphs 1 and 2 of Article 17, paragraph 1 (subparagraph a) of Article 18, paragraph 2 of Article 21 and paragraphs 1 and 2 of Article 22 of this Convention may be taxed in South Africa and are included in the basis referred to in paragraph 1, the Netherlands shall exempt such items of income or capital by allowing a reduction of its tax. This reduction shall be computed in conformity with the provisions of the Netherlands law for the avoidance of double taxation. For that purpose the said items of income or capital shall be deemed to be included in the total amount of the items of income or capital which are exempt from Netherlands tax under those provisions.

Hoofstuk IV

BELASTING VAN KAPITAAL

Artikel 22

Kapitaal

1. Kapitaal verteenwoordig deur onroerende eiendom in Artikel 6 bedoel wat deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat besit word en in die ander Kontrakterende Staat geleë is, kan in daardie ander Staat belas word.

2. Kapitaal verteenwoordig deur roerende eiendom wat deel uitmaak van die besigheidseiendom van 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, kan in daardie ander Staat belas word.

3. Kapitaal verteenwoordig deur skepe en vliegtuie wat in internasionale verkeer bedryf word, en deur roerende eiendom wat betrekking het op die bedryf van sodanige skepe en vliegtuie, is slegs in die Kontrakterende Staat waarin die plek van effektiewe bestuur van die onderneming geleë is, belasbaar. Vir doeleindes van hierdie paragraaf is die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 8 van toepassing.

4. Alle ander kapitaalelemente van 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is slegs in daardie Staat belasbaar.

HOOFSTUK V

UITSKAKELING VAN DUBBELE BELASTING

Artikel 23

Uitskakeling van Dubbele Belasting

1. Die Nederlande kan, by die oplegging van belasting op sy inwoners, in die basis waarop sodanige belastings opgelê gehê word, die inkomste-items of kapitaal insluit wat, ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie, in Suid-Afrika belas kan word.

2. Waar 'n inwoner van die Nederlande egter inkomste-items verkry of kapitaal-items besit wat ooreenkomstig Artikel 6, Artikel 7, paragraaf 7 van Artikel 10, paragraaf 4 van Artikel 11, paragraaf 4 van Artikel 12, paragrawe 1 en 2 van Artikel 13, paragraaf 1 van Artikel 14, paragrawe 1 en 2 van Artikel 17, paragraaf 1 (subparagraaf a)) van Artikel 18, paragraaf 2 van Artikel 21 en paragrawe 1 en 2 van Artikel 22 van hierdie Konvensie in Suid-Afrika belas kan word en ingesluit is in die basis in paragraaf 1 bedoel, stel die Nederlande sodanige items van inkomste of kapitaal vry deur 'n vermindering van sy belasting toe te laat. Hierdie vermindering word bereken ooreenkomstig die bepalings van die Nederlandse reg vir die vermyding van dubbele belasting. Vir daardie doel word die bedoelde items van inkomste of kapitaal geag ingesluit te wees in die totale bedrag van die items van inkomste of kapitaal wat van Nederlandse belasting vrygestel is ingevolge daardie bepalings.

3. Further, the Netherlands shall allow a deduction from the Netherlands tax so computed for the items of income which according to paragraph 2 of Article 10, paragraph 5 of Article 13, Article 15 and Article 16 of this Convention may be taxed in South Africa to the extent that these items are included in the basis referred to in paragraph 1. The amount of this deduction shall be equal to the tax paid in South Africa on these items of income, but shall not exceed the amount of the deduction which would be allowed if the items of income so included were the sole items of income which are exempt from Netherlands tax under the provisions of the Netherlands law for the avoidance of double taxation.

4. Notwithstanding the provisions of paragraph 2, the Netherlands shall allow a deduction from the Netherlands tax for the tax paid in South Africa on items of income which according to Article 7, paragraph 7 of Article 10, paragraph 4 of Article 11, paragraph 4 of Article 12 and paragraph 2 of Article 21 of this Convention may be taxed in South Africa to the extent that these items are included in the basis referred to in paragraph 1, if and insofar as the Netherlands under the provisions of the Netherlands law for the avoidance of double taxation allows a deduction from the Netherlands tax of the tax levied in another country on such items of income. For the computation of this deduction the provisions of paragraph 3 of this Article shall apply accordingly.

5. In South Africa, subject to the provisions of the law of South Africa regarding the deduction from tax payable in South Africa of tax payable in any country other than South Africa, Netherlands tax paid by residents of South Africa in respect of income taxable in the Netherlands, in accordance with the provisions of this Convention, shall be deducted from the taxes due according to South African fiscal law. Such deduction shall not, however, exceed an amount which bears to the total South African tax payable the same ratio as the income concerned bears to the total income.

CHAPTER VI

SPECIAL PROVISIONS

Article 24

Offshore Activities

1. The provisions of this Article shall apply notwithstanding any other provisions of this Convention. However, this Article shall not apply where offshore activities of a person constitute for that person a permanent establishment under the provisions of Article 5.

2. In this Article the term "offshore activities" means activities which are carried on offshore in connection with the exploration or exploitation of the seabed and its subsoil and their natural resources, situated in a Contracting State.

3. Die Nederlande laat verder 'n aftrekking toe van die Nederlandse belasting aldus bereken vir die inkomste-items wat ooreenkomstig paragraaf 2 van Artikel 10, paragraaf 5 van Artikel 13, Artikel 15 en Artikel 16 van hierdie Konvensie in Suid-Afrika belas kan word tot die mate wat hierdie items ingesluit is in die basis in paragraaf 1 bedoel. Die bedrag van hierdie aftrekking is gelyk aan die belasting in Suid-Afrika betaal op hierdie inkomste-items, maar gaan nie die bedrag van die aftrekking wat toegelaat sal word indien die inkomste-items aldus ingesluit die enigste inkomste-items was wat van Nederlandse belasting vrygestel is ingevolge die bepalings van die Nederlandse reg vir die vermyding van dubbele belasting, te bowe nie.

4. Ondanks die bepalings van paragraaf 2, laat die Nederlande 'n aftrekking toe van die Nederlandse belasting van die belasting in Suid-Afrika betaal op inkomste-items wat ooreenkomstig Artikel 7, paragraaf 7 van Artikel 10, paragraaf 4 van Artikel 11, paragraaf 4 van Artikel 12 en paragraaf 2 van Artikel 21 van hierdie Konvensie in Suid-Afrika belas kan word tot die mate dat hierdie items ingesluit is in die basis bedoel in paragraaf 1, indien en vir sover as wat die Nederlande ingevolge die bepalings van die Nederlandse reg vir die vermyding van dubbele belasting 'n aftrekking van die Nederlandse belasting toelaat van die belasting gehef in 'n ander land op sodanige inkomste-items. Vir die berekening van hierdie aftrekking is die bepalings van paragraaf 3 van hierdie Artikel dienooreenkomstig van toepassing.

5. In Suid-Afrika, behoudens die bepalings van die reg van Suid-Afrika betreffende die aftrekking vanaf belasting betaalbaar in Suid-Afrika van belasting betaalbaar in enige ander land as Suid-Afrika, word Nederlandse belasting betaal deur inwoners van Suid-Afrika ten opsigte van inkomste belasbaar in die Nederlande ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie, afgetrek van die belastings verskuldig ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse fiskale reg. Sodanige aftrekking mag egter nie 'n bedrag te bowe gaan wat in dieselfde verhouding tot die totale Suid-Afrikaanse belasting betaalbaar staan as wat die betrokke inkomste tot die totale inkomste staan nie.

HOOFSTUK VI

SPESIALE BEPALINGS

Artikel 24

Aflandige Bedrywighede

1. Die bepalings van hierdie Artikel is, ondanks enige ander bepaling van hierdie Konvensie, van toepassing. Hierdie Artikel is egter nie van toepassing nie waar aflandige bedrywighede van 'n persoon vir daardie persoon 'n permanente saak uitmaak ingevolge die bepalings van Artikel 5.

2. In hierdie Artikel beteken die uitdrukking "aflandige bedrywighede" bedrywighede wat aflandig beoefen word in verband met die eksplorاسie of ontginning van die seebodem en ondergrond en hulle natuurlike hulpbronne wat in 'n Kontrakterende Staat geleë is.

3. An enterprise of a Contracting State which carries on offshore activities in the other Contracting State shall, subject to paragraph 4 of this Article, be deemed to be carrying on, in respect of those activities, business in that other State through a permanent establishment situated therein, unless the offshore activities in question are carried on in the other State for a period or periods not exceeding in the aggregate 30 days in any period of 12 months.

For the purposes of this paragraph:

- a) where an enterprise carrying on offshore activities in the other Contracting State is associated with another enterprise and that other enterprise continues, as part of the same project, the same offshore activities that are or were being carried on by the first-mentioned enterprise, and the aforementioned activities carried on by both enterprises – when added together – exceed a period of 30 days, then each enterprise shall be deemed to be carrying on its activities for a period exceeding 30 days in a 12 month period;
- b) an enterprise shall be regarded as associated with another enterprise if one holds directly or indirectly at least one third of the capital of the other enterprise or if a person holds directly or indirectly at least one third of the capital of both enterprises.

4. However, for the purposes of paragraph 3 of this Article the term “offshore activities” shall be deemed not to include:

- a) one or any combination of the activities mentioned in paragraph 4 of Article 5;
- b) towing or anchor handling by ships primarily designed for that purpose and any other activities performed by such ships;
- c) the transport of supplies or personnel by ships or aircraft in international traffic.

5. A resident of a Contracting State who carries on offshore activities in the other Contracting State, which consist of professional services or other activities of an independent character, shall be deemed to be performing those activities from a permanent establishment in the other Contracting State if the offshore activities in question last for a continuous period of 30 days or more.

6. Salaries, wages and other similar remuneration derived by a resident of a Contracting State in respect of an employment connected with offshore activities carried on through a permanent establishment in the other Contracting State may, to the extent that the employment is exercised offshore in that other State, be taxed in that other State.

7. Where documentary evidence is produced that tax has been paid in South Africa on the items of income which may be taxed in South Africa according to Article 7 in connection with respectively paragraph 3 and paragraph 5 of this Article, and to paragraph 6 of this Article, the Netherlands shall allow a reduction of its tax which shall be computed in conformity with the rules laid down in paragraph 2 of Article 23.

3. 'n Onderneming van 'n Kontrakterende Staat wat afluandige bedrywighede in die ander Kontrakterende Staat beoefen, word, behoudens die bepalings van paragraaf 4 van hierdie Artikel, geag ten opsigte van sodanige bedrywighede 'n besigheid in daardie ander Kontrakterende Staat te dryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, tensy die ter sake afluandige bedrywighede in die ander Staat uitgeoefen word vir 'n tydperk of tydperke wat nie altesaam 30 dae in enige tydperk van 12 maande te bowe gaan nie.

Vir doeleindes van hierdie paragraaf:

- a) waar 'n onderneming wat in die ander Kontrakterende Staat afluandige bedrywighede beoefen verwant is aan 'n ander onderneming en daardie ander onderneming voortgaan, as deel van dieselfde projek, met dieselfde afluandige bedrywighede as wat deur eersgenoemde onderneming beoefen word of beoefen was, en die voormelde bedrywighede beoefen deur albei ondernemings – wanneer bymekaar getel – 'n tydperk van 30 dae te bowe gaan, dan word elke onderneming geag sy bedrywighede vir 'n tydperk wat 30 dae in 'n 12 maande-tydperk te bowe te gaan, te beoefen;
- b) 'n onderneming word beskou as verwant te wees aan 'n ander onderneming indien een direk of indirek minstens een derde hou van die kapitaal van die ander onderneming of 'n persoon direk of indirek minstens een derde hou van die kapitaal van albei ondernemings.

4. Vir doeleindes van paragraaf 3 van hierdie artikel word die uitdrukking “afluandige bedrywighede” egter geag nie in te sluit nie:

- a) een of enige kombinasie van die bedrywighede in paragraaf 4 van Artikel 5 bedoel;
- b) sleep of ankerhantering deur skepe wat hoofsaaklik vir daardie doel ontwerp is en enige ander bedrywighede deur daardie skepe verrig;
- c) die vervoer van voorrade of personeel deur skepe of vliegtuie in internasionaal verkeer.

5. 'n Inwoner van 'n Kontrakterende Staat wat afluandige bedrywighede in die ander Kontrakterende Staat beoefen, wat uit professionele dienste of ander bedrywighede van 'n onafhanklike aard bestaan, word geag daardie bedrywighede vanaf 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat te beoefen indien die betrokke afluandige bedrywighede vir 'n aaneenlopende tydperk van 30 dae of meer voortduur.

6. Salarisse, lone en ander soortgelyke besoldiging verkry deur 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat ten opsigte van 'n diensbetrekking verwant aan afluandige bedrywighede beoefen deur middel van 'n permanente saak in die ander Kontrakterende Staat kan, in die mate wat die diensbetrekking afluandig in daardie ander Staat verrig word, in daardie ander Staat belas word.

7. Waar dokumentêre bewyse gelewer word dat belasting in Suid-Afrika betaal is op inkomste-items wat in Suid-Afrika belas kan word ingevolge Artikel 7 in verband met onderskeidelik paragraaf 3 en 5 van hierdie Artikel, en op paragraaf 6 van hierdie Artikel, laat die Nederlande 'n vermindering van sy belasting toe wat ooreenkomstig die reëls neergelê in paragraaf 2 van Artikel 23, bereken sal word.

Article 25***Non-discrimination***

1. Nationals of a Contracting State shall not be subjected in the other Contracting State to any taxation or any requirement connected therewith, which is other or more burdensome than the taxation and connected requirements to which nationals of that other State in the same circumstances, in particular with respect to residence, are or may be subjected. This provision shall, notwithstanding the provisions of Article 1, also apply to persons who are not residents of one or both of the Contracting States.

2. The taxation on a permanent establishment which an enterprise of a Contracting State has in the other Contracting State shall not be less favourably levied in that other State than the taxation levied on enterprises of that other State carrying on the same activities. This provision shall not be construed as obliging a Contracting State to grant to residents of the other Contracting State any personal allowances, reliefs and reductions for taxation purposes on account of civil status or family responsibilities which it grants to its own residents.

3. Except where the provisions of paragraph 1 of Article 9, paragraph 6 of Article 11, or paragraph 6 of Article 12, apply, interest, royalties and other disbursements paid by an enterprise of a Contracting State to a resident of the other Contracting State shall, for the purpose of determining the taxable profits of such enterprise, be deductible under the same conditions as if they had been paid to a resident of the first-mentioned State. Similarly, any debts of an enterprise of a Contracting State to a resident of the other Contracting State shall, for the purpose of determining the taxable capital of such enterprise, be deductible under the same conditions as if they had been contracted to a resident of the first-mentioned State.

4. Enterprises of a Contracting State, the capital of which is wholly or partly owned or controlled, directly or indirectly, by one or more residents of the other Contracting State, shall not be subjected in the first-mentioned State to any taxation or any requirement connected therewith which is other or more burdensome than the taxation and connected requirements to which other similar enterprises of the first-mentioned State are or may be subjected.

5. Contributions paid by, or on behalf of, an individual who is a resident of a Contracting State to a pension plan that is recognised for tax purposes in the other Contracting State will be treated in the same way for tax purposes in the first-mentioned State as a contribution paid to a pension plan that is recognised for tax purposes in that first-mentioned State, provided that:

- a) such individual was contributing to such pension plan for a period ending immediately before the individual became a resident of the first-mentioned State; and
- b) the competent authority of the first-mentioned State agrees that the pension plan corresponds to a pension plan recognised for tax purposes by that State.

For the purpose of this paragraph, "pension plan" includes a pension plan created under a public social security system.

Artikel 25***Nie-diskriminasie***

1. Burgers van 'n Kontrakterende Staat mag nie in die ander Kontrakterende Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee, wat anders of swaarder is as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan burgers van daardie ander Staat onder dieselfde omstandighede, veral met betrekking tot verblyf, onderworpe is of onderwerp kan word nie. Hierdie bepaling is, ondanks die bepalings van Artikel 1, ook van toepassing op persone wat nie inwoners van een van of van albei die Kontrakterende State is nie.

2. Die belasting op 'n permanente saak wat 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat in die ander Kontrakterende Staat het, word nie in daardie ander Staat op 'n minder gunstige wyse gehef as die belasting wat gehef word op ondernemings van daardie ander Staat wat dieselfde bedrywighede beoefen nie. Hierdie bepaling word nie uitgelê as sou dit 'n Kontrakterende Staat verplig om aan inwoners van die ander Kontrakterende Staat enige persoonlike kortings, verligtings en verminderings vir belastingdoeleindes toe te staan uit hoofde van burgerlike status of gesinsverantwoordelikhede wat aan sy eie inwoners toegestaan word nie.

3. Uitgesonderd waar die bepalings van paragraaf 1 van Artikel 9, paragraaf 6 van Artikel 11, of paragraaf 6 van Artikel 12 van toepassing is, is rente, tantième en ander uitbetalings betaal deur 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat, vir doeleindes van die vasstelling van die belasbare winste van sodanige onderneming, aftrekbaar op dieselfde voorwaardes as wat sou geld indien dit aan 'n inwoner van die eersgenoemde Kontrakterende Staat betaal is. Eweneens is enige skulde van 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat aan 'n inwoner van die ander Kontrakterende Staat by die vasstelling van die belasbare kapitaal van sodanige onderneming op dieselfde voorwaardes aftrekbaar as wat sou geld indien hulle met 'n inwoner van eersgenoemde Staat ooreengekom is.

4. Ondernemings van 'n Kontrakterende Staat waarvan die kapitaal regstreeks of onregstreeks ten volle of gedeeltelik besit of beheer word deur een of meer inwoners van die ander Kontrakterende Staat, mag nie in eersgenoemde Staat onderwerp word aan enige belasting of enige vereiste in verband daarmee wat anders of swaarder is as die belasting en die daaraan verbonde vereistes waaraan ander soortgelyke ondernemings van eersgenoemde Staat onderworpe is of onderwerp kan word nie.

5. Bydraes betaal deur, of namens, 'n individu wat 'n inwoner van 'n Kontrakterende Staat is aan 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes in die ander Kontrakterende Staat erken word, word in eersgenoemde Staat op dieselfde wyse behandel vir belastingdoeleindes as 'n bydrae betaal aan 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes in daardie eersgenoemde Staat erken word, mits:

- a) sodanige individu tot sodanige pensioenskema bygedra het vir 'n tydperk wat geëindig het onmiddellik voordat die individu 'n inwoner geword het van eersgenoemde Staat; en
- b) die bevoegde owerheid van eersgenoemde Staat instem dat die pensioenskema ooreenstem met 'n pensioenskema wat vir belastingdoeleindes deur daardie Staat goedgekeur is.

Vir doeleindes van die toepassing van hierdie paragraaf sluit "pensioenskema" 'n pensioenskema in wat ingevolge die bestaansbeveiligingstelsel van 'n Kontrakterende Staat gestig is.

6. The provisions of this Article shall, notwithstanding the provisions of Article 2, apply to taxes of every kind and description.

Article 26

Mutual Agreement Procedure

1. Where a person considers that the actions of one or both of the Contracting States result or will result for that person in taxation not in accordance with this Convention, that person may, irrespective of the remedies provided by the domestic law of those States, present a case to the competent authority of the Contracting State of which the person is a resident or, if the case comes under paragraph 1 of Article 25, to that of the Contracting State of which the person is a national. The case must be presented within three years from the first notification of the action resulting in taxation not in accordance with the provisions of the Convention.

2. The competent authority shall endeavour, if the objection appears to it to be justified and if it is not itself able to arrive at a satisfactory solution, to resolve the case by mutual agreement with the competent authority of the other Contracting State, with a view to the avoidance of taxation which is not in accordance with the Convention. Any agreement reached shall be implemented notwithstanding any time limits in the domestic law of the Contracting States.

3. The competent authorities of the Contracting States shall endeavour to resolve by mutual agreement any difficulties or doubts arising as to the interpretation or application of the Convention. They may also consult together for the elimination of double taxation in cases not provided for in the Convention.

4. The competent authorities of the Contracting States may communicate with each other directly for the purpose of reaching an agreement in the sense of the preceding paragraphs.

5. If any difficulty or doubt arising as to the interpretation or application of the Convention cannot be resolved by the competent authorities of the Contracting States in a mutual agreement procedure pursuant to the previous paragraphs of this Article within a period of two years after the question was raised, the case may, at the request of either Contracting State, be submitted for arbitration, but only after fully exhausting the procedures available under paragraphs 1 to 4 of this Article and provided the taxpayer or taxpayers involved agree in writing to be bound by the decision of the arbitration board. The decision of the arbitration board in a particular case shall be binding on both Contracting States and the taxpayer or taxpayers involved with respect to that case. The composition of the arbitration board and the arbitration procedures shall be determined by the competent authorities of the Contracting States.

6. Die bepalings van hierdie Artikel is ondanks die bepalings van Artikel 2 van toepassing op belastings van enige aard en beskrywing.

Artikel 26

Prosedure vir Onderlinge Ooreenkoms

1. Waar 'n persoon van mening is dat die optrede van een van of van albei die Kontrakterende State tot gevolg het of tot gevolg sal hê dat daardie persoon nie ooreenkomstig die bepalings van hierdie Konvensie belas word nie, kan daardie persoon, ongeag die regsmiddels waarvoor die landsreg van daardie State voorsiening maak, 'n saak stel aan die bevoegde owerheid van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n inwoner is of, indien die saak onder paragraaf 1 van Artikel 25 ressorteer, aan dié van die Kontrakterende Staat waarvan die persoon 'n burger is. Die saak moet gestel word binne drie jaar vanaf die eerste kennisgewing van die handeling wat gelei het tot belasting wat nie ooreenkomstig die bepalings van die Konvensie is nie.

2. Die bevoegde owerheid moet, indien die beswaar vir hom geregverdig voorkom en hy nie self 'n geskikte oplossing kan vind nie, probeer om die saak deur onderlinge ooreenkoms met die bevoegde owerheid van die ander Kontrakterende Staat te besleg ten einde belasting te vermy wat nie in ooreenstemming met die Konvensie is nie. Enige ooreenkoms wat bereik word, moet toegepas word ondanks enige tydsbeperkings in die landsreg van die Kontrakterende State.

3. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet probeer om enige probleme of twyfel wat in verband met die vertolking of toepassing van die Konvensie ontstaan, deur onderlinge ooreenkoms uit die weg te ruim. Hulle kan mekaar ook raadpleeg met die oog op die uitskakeling van dubbele belasting in gevalle waarvoor daar nie in die Konvensie voorsiening gemaak word nie.

4. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan regstreeks met mekaar kommunikeer met die doel om tot 'n ooreenkoms te geraak soos in die voorgaande paragrawe beoog.

5. Indien enige probleem of twyfel wat met die vertolking of toepassing van die Konvensie ontstaan, nie deur die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State in 'n prosedure vir onderlinge ooreenkoms in ooreenstemming met die vorige paragrawe van hierdie Artikel binne 'n tydperk van twee jaar nadat die vraag geopper is, uit die weg geruim kan word nie, kan die geval, op versoek van enigeen van die Kontrakterende State, vir arbitrasie voorgelê word, maar slegs nadat die prosedures beskikbaar ingevolge paragrawe 1 tot 4 van hierdie Artikel ten volle uitgeput is en onder voorbehoud dat die betrokke belastingpligtige of belastingpligtiges skriftelik instem om aan die besluit van die arbitrasieraad gebonde te wees. Die besluit van die arbitrasieraad in 'n bepaalde geval is bindend vir albei Kontrakterende State asook die belastingpligtige of belastingpligtiges betrokke by daardie saak. Die samestelling van die arbitrasieraad en die arbitrasieprosedures sal deur die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State bepaal word.

Article 27

Exchange of Information

1. The competent authorities of the Contracting States shall exchange such information as is necessary for carrying out the provisions of this Convention or of the domestic laws concerning taxes of every kind and description imposed on behalf of the Contracting States, or their political subdivisions or local authorities insofar as the taxation thereunder is not contrary to the Convention. The exchange of information is not restricted by Articles 1 and 2. Any information received by a Contracting State shall be treated as secret in the same manner as information obtained under the domestic laws of that State and shall be disclosed only to persons or authorities (including courts and administrative bodies) concerned with the assessment or collection of, the enforcement or prosecution in respect of, or the determination of appeals in relation to taxes referred to in the first sentence. Such persons or authorities shall use the information only for such purposes. They may disclose the information in public court proceedings or in judicial decisions.

2. The Contracting States may release to the arbitration board, established under the provisions of paragraph 5 of Article 26, such information as is necessary for carrying out the arbitration procedure. Such release of information shall be subject to the provisions of Article 29. The members of the arbitration board shall be subject to the limitations on disclosure described in paragraph 1 of this Article with respect to any information so released.

Article 28

Assistance in Recovery

1. The Contracting States undertake to lend assistance to each other in the collection of taxes owed by a taxpayer to the extent that the amount thereof has been finally determined according to the laws of the Contracting State making the request for assistance.

2. In the case of a request by a Contracting State for the collection of taxes which has been accepted for collection by the other Contracting State, such taxes shall be collected by that other State to the extent permitted by its domestic law.

3. Claims which are the subject of requests for assistance shall not have priority over taxes owing in the Contracting State rendering assistance and the provisions of paragraph 1 of Article 27 shall also apply to any information which, by virtue of this Article, is supplied to the competent authority of a Contracting State.

4. Any request for collection by a Contracting State shall be accompanied by such certificate as is required by the laws of that State to establish that the taxes owed by the taxpayer have been finally determined.

5. Where the tax claim of a Contracting State has not been finally determined by reason of it being subject to appeal or other proceedings, that State may, in order to protect its revenues, request the other Contracting State to take such interim measures for conservancy on its behalf as are available to the other State under the laws of that other State. If such request is accepted by the other State, such interim measures shall be taken by that other State to the extent permitted by its domestic law.

Artikel 27

Uitruil van Inligting

1. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet sodanige inligting uitruil as wat nodig is vir die uitvoering van die bepalings van hierdie Konvensie of van die landsreg aangaande belastings van enige aard en beskrywing opgelê namens die Kontrakterende State, of hulle staatkundige onderafdelings of plaaslike owerhede vir sover die belasting daarkragtens nie strydig met die Konvensie is nie. Die uitruil van inligting word nie deur Artikels 1 en 2 beperk nie. Enige inligting ontvang deur 'n Kontrakterende Staat word as geheim behandel op dieselfde wyse as inligting wat ingevolge die landsreg van daardie Staat verkry word, en mag openbaar gemaak word slegs aan persone of owerhede (met inbegrip van howe en administratiewe liggame) betrokke by die aanslaan of invordering van, die afdwing of vervolging ten opsigte van, of die beslissing van appèlle in verband met die belastings in die eerste sin bedoel. Sodanige persone of owerhede mag die inligting slegs vir sodanige doeleindes gebruik. Hulle mag die inligting by openbare hofverrigtinge of by regterlike beslissings openbaar maak.

2. Die Kontrakterende State kan aan die arbitrasieraad, ingestel ingevolge die bepalings van paragraaf 5 van Artikel 26, sodanige inligting as wat nodig is om die arbitrasieprosedures uit te oefen, vrystel. Sodanige vrystelling van inligting is onderworpe aan die bepalings van Artikel 29. Die lede van die arbitrasieraad is onderworpe aan die beperkinge op openbaarmaking beskryf in paragraaf 1 van hierdie Artikel met betrekking tot enige inligting so uitgereik.

Artikel 28

Bystand met Invordering

1. Die Kontrakterende State onderneem om bystand aan mekaar te verleen met die invordering van belastings verskuldig deur 'n belastingpligtige, in die mate dat die bedrag daarvan finaal bepaal is volgens die wette van die Kontrakterende Staat wat die bystand versoek.

2. In die geval van 'n versoek deur 'n Kontrakterende Staat vir die invordering van belastings wat aanvaar is vir invordering deur die ander Kontrakterende Staat, word sodanige belastings deur daardie ander Staat ingevorder in die mate toegelaat deur sy landsreg.

3. Eise wat die onderwerp is van versoeke om bystand, geniet nie voorkeur bo die belastings verskuldig in die Kontrakterende Staat wat bystand verleen nie en die bepalings van paragraaf 1 van Artikel 27 is ook van toepassing op enige inligting wat, uit hoofde van hierdie Artikel, aan die bevoegde owerheid van 'n Kontrakterende Staat verskaf word.

4. Enige versoek om invordering deur 'n Kontrakterende Staat word vergesel van sodanige sertifikaat as wat vereis word deur die wette van daardie Staat om te bevestig dat die belastings verskuldig deur die belastingpligtige, finaal bepaal is.

5. Waar die belastingeis van 'n Kontrakterende Staat nog nie finaal bepaal is nie omrede dit onderworpe is aan appèl of ander handelinge, kan daardie Staat, ten einde sy inkomstes te beskerm, die ander Kontrakterende Staat versoek om namens hom sodanige tussentydse maatreëls ter beskerming te tref as wat aan die ander Staat beskikbaar is ingevolge die wette van daardie ander Staat. Indien sodanige versoek deur die ander Staat aanvaar word, word sodanige tussentydse maatreëls deur daardie ander Staat getref in die mate deur sy landsreg toegelaat.

6. A request under paragraphs 4 or 5 shall only be made by a Contracting State to the extent that sufficient property of the taxpayer owing the taxes is not available in that State for recovery of the taxes owed.

7. The Contracting State in which tax is recovered in accordance with the provisions of this Article shall forthwith remit to the Contracting State on behalf of which the tax was collected the amount so recovered minus, where appropriate, the amount of the extraordinary costs referred to in subparagraph b) of paragraph 8. The competent authorities of the Contracting States shall consult together to determine the procedures with regard to the remitting of taxes so recovered.

8. It is understood that unless otherwise agreed by the competent authorities of both Contracting States,

- a) ordinary costs incurred by a Contracting State in providing assistance shall be borne by that State,
- b) extraordinary costs incurred by a Contracting State in providing assistance shall be borne by the other State and shall be payable regardless of the amount collected on its behalf by the first-mentioned State.

As soon as a Contracting State anticipates that extraordinary costs may be incurred, it shall so advise the other Contracting State and indicate the estimated amount of such costs.

9. In this Article, the term "taxes" means the taxes to which this Convention applies and includes any interest and penalties relating thereto.

10. The competent authorities of the Contracting States may settle the mode of application of this Article.

Article 29

Limitation of Articles 27 and 28

In no case shall the provisions of Articles 27 and 28 be construed so as to impose on a Contracting State the obligation:

- a) to carry out administrative measures at variance with the laws or administrative practice of that or of the other Contracting State;
- b) to supply information which is not obtainable under the laws or in the normal course of the administration of that or of the other Contracting State;
- c) to supply information which would disclose any trade, business, industrial, commercial, or professional secret or trade process, or information, the disclosure of which would be contrary to public policy (*ordre public*).

6. 'n Versoek ingevolge paragrawe 4 of 5 word deur 'n Kontrakterende Staat gerig slegs in die mate dat voldoende eiendom van die belastingpligtige deur wie belasting verskuldig is, nie in daardie Staat beskikbaar is vir die verhaling van belastings verskuldig, nie.

7. Die Kontrakterende Staat waarin belasting in ooreenstemming met die bepalings van hierdie Artikel verhaal is, betaal onverwyld aan die Kontrakterende Staat ten behoeve waarvan die belasting ingevorder is, die bedrag aldus verhaal oor, min, waar toepaslik, die bedrag van die buitengewone kostes bedoel in subparagraaf b) van paragraaf 8. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State moet mekaar raadpleeg ten einde prosedures met betrekking tot die oormaking van die belastings so gevorder, te bepaal.

8. Daar word verstaan dat, tensy anders ooreengekom deur die bevoegde owerhede van albei Kontrakterende State,

- a) gewone kostes aangegaan deur 'n Kontrakterende Staat in die voorsiening van bystand, deur daardie Staat gedra word,
- b) buitengewone kostes aangegaan deur 'n Kontrakterende Staat in die voorsiening van bystand, deur die ander Staat gedra word en betaalbaar is ongeag die bedrag namens hom deur eersgemelde Staat ingevorder.

Sodra 'n Kontrakterende Staat voorsien dat buitengewone kostes aangegaan kan word, stel hy die ander Kontrakterende Staat aldus in kennis en dui die geraamde bedrag van sodanige kostes aan.

9. In hierdie Artikel beteken die uitdrukking "belastings" die belastings waarop die Konvensie van toepassing is, en sluit dit in enige rente en boetes in verband daarmee.

10. Die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State kan die wyse van toepassing van hierdie Artikel bepaal.

Artikel 29

Beperking van Artikels 27 en 28

In geen geval mag die bepalings van Artikels 27 en 28 uitgelê word nie as sou dit 'n Kontrakterende Staat die verpligting oplê om:

- a) administratiewe maatreëls uit te voer wat strydig is met die wette of administratiewe praktyk van daardie of van die ander Kontrakterende Staat;
- b) inligting te verstrek wat nie kragtens die wette of in die normale loop van die administrasie van daardie of van die ander Kontrakterende Staat verkrygbaar is nie;
- c) inligting te verstrek wat enige handels-, besigheids-, industriële, kommersiële of professionele geheim of handelsproses sou openbaar, of inligting te verstrek waarvan die openbaarmaking strydig met openbare beleid (*ordre public*) sal wees.

Article 30***Members of Diplomatic Missions and Consular Posts***

1. Nothing in this Convention shall affect the fiscal privileges of members of diplomatic missions or consular posts under the general rules of international law or under the provisions of special agreements.

2. For the purposes of the Convention an individual who is a member of a diplomatic mission or consular post of a Contracting State in the other Contracting State or in a third State and who is a national of the sending State shall be deemed to be a resident of the sending State if the individual is liable therein to the same obligations in respect of taxes on income and on capital as are residents of that State.

3. The Convention shall not apply to international organisations, organs and officials thereof and members of a diplomatic mission or consular post of a third State, being present in a Contracting State, if they are not liable therein to the same obligations in respect of taxes on income or on capital as are residents of that State.

Article 31***Territorial Extension***

1. This Convention may be extended, either in its entirety or with any necessary modifications, to either or both of the countries of the Netherlands Antilles and Aruba, if the country concerned imposes taxes substantially similar in character to those to which the Convention applies. Any such extension shall take effect from such date and be subject to such modifications and conditions, including conditions as to termination, as may be specified and agreed in notes to be exchanged through the diplomatic channel.

2. Unless otherwise agreed the termination of the Convention shall not also terminate any extension of the Convention to any country to which it has been extended under this Article.

CHAPTER VII**FINAL PROVISIONS****Article 32*****Entry into Force***

1. This Convention shall enter into force on the thirtieth day after the latter of the dates on which the respective Governments have notified each other in writing through the diplomatic channel that the formalities constitutionally required in their respective States have been complied with, and its provisions shall have effect for taxable years and periods beginning on or after the first day of January in the calendar year following that in which the Convention has entered into force.

Artikel 30***Lede van Diplomatieke Missies en Konsulêre Poste***

1. Niks in hierdie Konvensie raak die fiskale voorregte van lede van diplomatieke missies of konsulêre poste ingevolge die algemene reëls van die volkereg of ingevolge die bepalings van spesiale ooreenkomste nie.

2. Vir doeleindes van die Konvensie word 'n individu wat 'n lid is van 'n diplomatieke missie of konsulêre pos van 'n Kontrakterende Staat wat in die ander Kontrakterende Staat of in 'n derde Staat geleë is, en wat 'n burger van die Senderstaat is geag 'n inwoner van die Senderstaat te wees indien die individu daarin onderworpe is aan dieselfde verpligtinge met betrekking tot belastings op inkomste en op kapitaal as wat inwoners van daardie Staat is.

3. Die Konvensie is nie van toepassing nie op internasionale organisasies, op liggame en beamptes daarvan en op lede van 'n diplomatieke missie of konsulêre pos van 'n derde Staat, wat in 'n Kontrakterende Staat teenwoordig is, en nie daarin onderworpe is aan dieselfde verpligtinge met betrekking tot belastings op inkomste of op kapitaal as wat inwoners van daardie Staat is nie.

Artikel 31***Gebiedsuitbreiding***

1. Hierdie Konvensie kan òf in sy geheel òf met enige noodsaaklike wysigings uitgebrei word tot een of albei die lande van die Nederlandse Antille en Aruba, indien die betrokke land belastings hef wat van 'n wesenlik soortgelyke aard is as dié waarop die Konvensie van toepassing is. Enige sodanige uitbreiding tree in werking vanaf die datum en onderworpe aan die wysigings en voorwaardes, insluitende voorwaardes betreffende opsegging, soos deur die Kontrakterende State gespesifiseer en ooreengekom mag word in notas wat langs die diplomatieke kanaal uitgeruil word.

2. Tensy anders ooreengekom, word die uitbreiding van die Konvensie tot enige land waartoe dit ingevolge hierdie Artikel uitgebrei is, nie ook deur die opsegging van die Konvensie beëindig nie.

HOOFSTUK VII**FINALE BEPALINGS****Artikel 32*****Inwerkingtreding***

1. Hierdie Konvensie tree in werking op die dertigste dag na die laaste van die datums waarop die onderskeie Regerings mekaar, deur middel van die diplomatieke kanaal, skriftelik in kennis gestel het dat die formaliteite konstitusioneel vereis in hul onderskeie State nagekom is, en die bepalings is van toepassing vir belasbare jare en tydperke beginnende op of na die eerste dag van Januarie in die kalenderjaar wat volg op dit waarin die Konvensie in werking getree het.

2. The Convention between the Government of the Kingdom of the Netherlands and the Government of the Republic of South Africa for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income, with Protocol, signed at Cape Town on March 15, 1971, shall be terminated with effect from the date of entry into force of this Convention and shall cease to have effect for any period thereafter for which the provisions of this Convention shall apply.

Article 33

Termination

This Convention shall remain in force until terminated by one of the Contracting States. Either State may terminate the Convention, through the diplomatic channel, by giving notice of termination at least six months before the end of any calendar year after the expiration of a period of five years from the date of its entry into force. In such event the Convention shall cease to have effect for taxable years and periods beginning after the end of the calendar year in which the notice of termination has been given.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned, duly authorised thereto, have signed this Convention.

DONE at Pretoria in duplicate, in the English language, this 10th day of October 2005.

T.A. Manuel
**FOR THE GOVERNMENT OF THE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

Dr B. Bot
**FOR THE GOVERNMENT OF THE
KINGDOM OF THE NETHERLANDS**

2. Die Konvensie tussen die Regering van die Koninkryk van die Nederlande en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste, met Protokol, geteken te Kaapstad op Maart 15, 1971, word beëindig vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Konvensie en is nie meer van krag nie vir enige tydperk daarna waarvoor die bepalings van hierdie Konvensie van toepassing is.

Artikel 33

Opsegging

Hierdie Konvensie bly van krag totdat dit deur een van die Kontrakterende State opgesê word. Enigeen van die Kontrakterende State kan die Konvensie langs die diplomatieke kanaal opsê, deur kennis van opsegging te gee minstens ses maande voor die einde van enige kalenderjaar ná die verstryking van 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van inwerkingtreding daarvan. In sodanige geval is die Konvensie nie meer van krag nie vir belasbare jare en tydperke beginnende na die einde van die kalenderjaar waarin die kennis van opsegging gegee is.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Konvensie onderteken het.

GEDOEN, in tweevoud, in die Engelse taal, te Pretoria, op die 10 de dag van Oktober 2005.

T.A. Manuel
**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIC VAN SUID-AFRIKA**

Dr B. Bot
**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
KONINKRYK VAN DIE NEDERLANDE**

PROTOCOL

At the moment of signing the Convention for the avoidance of double taxation and the prevention of fiscal evasion with respect to taxes on income and on capital, this day concluded between the Republic of South Africa and the Kingdom of the Netherlands, the undersigned have agreed that the following provisions shall form an integral part of the Convention.

I. **Ad Articles 3 and 26**

It is understood that if the competent authorities of the Contracting States, by mutual agreement, have reached a solution within the context of the Convention, for cases in which double taxation or double exemption would occur:

- a) as a result of the application of paragraph 2 of Article 3 with respect to the interpretation of a term not defined in the Convention; or
- b) as a result of differences in qualification (for example of an item of income or of a person),

this solution – after publication thereof by both competent authorities – shall also be binding in other similar cases in the application of the provisions of the Convention.

II. **Ad Article 4**

An individual living aboard a ship without any real domicile in either of the Contracting States shall be deemed to be a resident of the Contracting State in which the ship has its home harbour.

III. **Ad Articles 5, 6, 7, 13 and 24**

It is understood that exploration and exploitation rights of natural resources shall be regarded as immovable property situated in the Contracting State the seabed and subsoil of which they are related to, and that these rights shall be deemed to pertain to the property of a permanent establishment in that State. Furthermore, it is understood that the aforementioned rights include rights to interests in, or to the benefits of, assets to be produced by such exploration or exploitation.

PROTOKOL

Tydens die ondertekening van die Konvensie vir die vermyding van dubbele belasting en die voorkoming van fiskale ontduiking met betrekking tot belastings op inkomste en op kapitaal hierdie dag gesluit tussen die Republiek van Suid-Afrika en die Koninkryk van die Nederlande, het die ondergetekendes ooreengekom op die volgende bepalings wat 'n integrerende deel van die Konvensie uitmaak.

I. **Ad Artikels 3 en 26**

Die verstandhouding is dat indien die bevoegde owerhede van die Kontrakterende State, deur onderlinge ooreenkoms, 'n oplossing gevind het binne die konteks van die Konvensie, vir gevalle waarin dubbele belasting of dubbele vrystelling kan plaasvind:

- a) as gevolg van die toepassing van paragraaf 2 van Artikel 3 met betrekking tot die vertolking van 'n uitdrukking nie in die Konvensie omskryf nie: of
- b) as gevolg van verskille in kwalifisering (byvoorbeeld, van 'n inkomste-item of 'n persoon),

is hierdie oplossing – na publikasie daarvan deur albei bevoegde owerhede – ook bindend op ander soortgelyke gevalle by die toepassing van die bepalings van die Konvensie.

II. **Ad Artikel 4**

'n Individu wat aan boord van 'n skip woon sonder enige werklike domisilie in enigeen van die Kontrakterende State word geag 'n inwoner te wees van die Kontrakterende Staat waarin die skip sy tuishawe het.

III. **Ad Artikels 5, 6, 7, 13 en 24**

Die verstandhouding is dat eksplorاسie en ontginningsregte van natuurlike hulpbronne beskou sal word as onroerende eiendom geleë in die Kontrakterende Staat, die seebodem en ondergrond waarop dit betrekking het, en dat hierdie regte geag sal word aan die eiendom van 'n permanente saak in daardie Staat te behoort. Die verstandhouding is verder dat die voormelde regte, regte insluit op belange in, of tot die voordele van, bates wat deur sodanige eksplorاسie of ontginning opgelewer word.

IV. Ad Article 7

In respect of paragraphs 1 and 2 of Article 7, where an enterprise of a Contracting State sells goods or merchandise or carries on business in the other Contracting State through a permanent establishment situated therein, the profits of that permanent establishment shall not be determined on the basis of the total amount received by the enterprise, but shall be determined only on the basis of that portion of the income of the enterprise that is attributable to the actual activity of the permanent establishment in respect of such sales or business. Specifically, in the case of contracts for the survey, supply, installation or construction of industrial, commercial or scientific equipment or premises, or of public works, when the enterprise has a permanent establishment, the profits attributable to such permanent establishment shall not be determined on the basis of the total amount of the contract, but shall be determined only on the basis of that part of the contract that is effectively carried out by the permanent establishment in the Contracting State where the permanent establishment is situated. The profits related to that part of the contract which is carried out by the head office of the enterprise shall be taxable only in the Contracting State of which the enterprise is a resident.

V. Ad Article 7

Payments received as a consideration for technical services, including studies or surveys of a scientific, geological or technical nature, or for consultancy or supervisory services shall be deemed to be payments to which the provisions of Article 7 apply.

VI. Ad Article 9

In respect of paragraph 1 of Article 9, it is understood that the fact that associated enterprises have concluded arrangements, such as cost sharing arrangements or general services agreements, for or based on the allocation of executive, general administrative, technical and commercial expenses, research and development expenses and other similar expenses, is not in itself a condition as meant in that paragraph.

VII. Ad Articles 10, 11 and 12

Where tax has been levied at source in excess of the amount of tax chargeable under the provisions of Articles 10, 11 or 12, applications for the refund of the excess amount of tax have to be lodged with the competent authority of the State having levied the tax, within a period of three years after the expiration of the calendar year in which the tax has been levied.

VIII. Ad Articles 10 and 13

It is understood that income received in connection with the (partial) liquidation of a company or a purchase of own shares by a company is treated as income from shares and not as capital gains.

IV.**Ad Artikel 7**

Met betrekking tot paragrawe 1 en 2 van Artikel 7, waar 'n onderneming van 'n Kontrakterende Staat goedere of handelsware verkoop of in die ander Kontrakterende Staat 'n besigheid bedryf deur middel van 'n permanente saak daarin geleë, word die winste van daardie permanente saak nie vasgestel op die grondslag van die totale inkomste ontvang deur die onderneming nie, maar slegs vasgestel sal word op die basis van daardie gedeelte van die inkomste van die onderneming wat toeskryfbaar is aan die werklike bedrywigheid van die permanente saak met betrekking tot sodanige verkope of besigheid. In die besonder, in die geval van kontrakte vir die opname, lewering, installering of konstruksie van industriële, kommersiële of wetenskaplike toerusting of persele, of van openbare werke, wanneer die onderneming 'n permanente saak het, word die winste toeskryfbaar aan sodanige permanente saak nie vasgestel op die grondslag van die totale bedrag van die kontrak nie, maar vasgestel slegs op die grondslag van daardie gedeelte van die kontrak wat effektief deur die permanente saak uitgevoer word in die Kontrakterende Staat waar die permanente saak geleë is. Die winste wat betrekking het op daardie deel van die kontrak wat deur die hoofkantoor van die onderneming uitgevoer word, is slegs belasbaar in die Kontrakterende Staat waarvan die onderneming 'n inwoner is.

V.**Ad Artikel 7**

Betalings ontvang as vergoeding vir tegniese dienste, met inbegrip van studies of opnames van 'n wetenskaplike, geologiese of tegniese aard, of vir konsultasie of toesighoudende dienste word geag betalings te wees waarop die bepalinge van Artikel 7 van toepassing is.

VI.**Ad Artikel 9**

Met betrekking tot paragraaf 1 van Artikel 9 is die verstandhouding dat die feit dat verwante ondernemings reëlins aangegaan het, soos kosteverdelingsreëlins of algemene dienste ooreenkomste, vir of gebaseer op die toedeling van uitvoerende, algemene administratiewe, tegniese en kommersiële uitgawes, navorsing en ontwikkelings uitgawes en ander soortgelyke uitgawes, is nie op sigself 'n voorwaarde soos bedoel in daardie paragraaf nie.

VII.**Ad Artikels 10, 11 en 12**

Waar belasting by die bron gehef meer is as die bedrag van belasting vorderbaar ingevolge die bepalinge van Artikels 10, 11 of 12, moet aansoeke vir die terugbetaling van die oormaat bedrag van belasting by die bevoegde owerheid van die Staat wat die belasting gehef het, ingedien word binne 'n tydperk van drie jaar na die verstryking van die kalenderjaar waarin die belasting gehef is.

VIII.**Ad Artikels 10 en 13**

Die verstandhouding is dat inkomste ontvang in verband met die (gedeeltelike) likwidasië van 'n maatskappy of aankoop van eie aandele deur 'n maatskappy, behandel word as inkomste uit aandele en nie as kapitaalwinste nie.

IX. Ad Article 13

It is understood that if the individual referred to in paragraph 5 of Article 13 is subject to tax on gains in the circumstances envisaged in that paragraph and the shares, "jouissance" rights or debt-claims were acquired before the individual became a resident of the first-mentioned State, that first-mentioned State shall consider that portion of the tax determined in accordance with the following formula to have been paid:

$$A = \frac{X}{Y} \times Z$$

Where:

A = the amount of tax considered as paid;

X = the period of ownership during which the individual was not a resident of the first-mentioned State;

Y = the total period of ownership;

Z = the tax on the assessment.

This provision will only apply if the gain taxed in the first-mentioned State includes accrual of value during a period in which the individual was not a resident of that State.

X. Ad Article 15

It is understood that "bestuurder" or "commissaris" of a Netherlands company means persons who are nominated as such by the general meeting of shareholders or by any other competent body of such company and are charged with the general management of the company and the supervision thereof, respectively.

XI. Ad Article 17

Notwithstanding the provisions of Article 17, where a person who is a resident of South Africa on the date on which the Convention comes into effect, continues after that date to derive a pension or other similar remuneration or an annuity as meant in paragraph 1 of Article 17, or continues after that date to derive a pension or other payment paid as meant in paragraph 2 of Article 17, that income shall be taxable only in South Africa if the total gross amount of that income paid out in any calendar year does not exceed 10.000 Euro. However, if the total gross amount of that income arising in the Netherlands and paid out in any calendar year exceeds 10.000 Euro, then it may also be taxed in the Netherlands, but only to the extent that the total gross exceeds 10.000 Euro. In that case the Netherlands may include in the basis upon which its tax is imposed on that income that part thereof that is taxable only in South Africa and shall exempt that part by allowing a reduction of its tax in conformity with the provisions of paragraph 2 of Article 23.

IX.**Ad Artikel 13**

Die verstandhouding is dat indien die individu bedoel in paragraaf 5 van Artikel 13 onderhewig is aan belasting op winste in die omstandighede beoog in daardie paragraaf en die aandele, "jouissance"-regte of skuldeise verkry is voordat die individu 'n inwoner van die eersgenoemde Staat geword het, beskou daardie eersgenoemde Staat daardie gedeelte van die belasting vasgestel ooreenkomstig die volgende formule, as betaal te gewees het:

$$A = \frac{X}{Y} \times Z$$

Waar:

A = die bedrag van belasting as betaal beskou;

X = die tydperk van eienaarskap waartydens die individu nie 'n inwoner van eersgenoemde Staat was nie;

Y = die totale tydperk van eienaarskap;

Z = die belasting op die aanslag.

Hierdie bepaling is slegs van toepassing indien die wins wat in eersgenoemde Staat belas is toevallingswaarde gedurende 'n tydperk waarin die individu nie 'n inwoner van daardie Staat was nie, insluit.

X.**Ad Artikel 15**

Die verstandhouding is dat "bestuurder" of "commissaris" van 'n Nederlandse maatskappy persone beteken wat as sodanig genomineer is deur die algemene vergadering van aandeelhouders of deur enige ander bevoegde liggaam van sodanige maatskappy en die algemene bestuur van die maatskappy en die toesighouding daarvan, beheer.

XI.**Ad Artikel 17**

Ondanks die bepalings van Artikel 17, waar 'n persoon wat 'n inwoner van Suid-Afrika is op die datum van inwerkingtreding van die Konvensie, na daardie datum voortgaan om 'n pensioen of ander soortgelyke besoldiging of 'n annuïteit soos bedoel in paragraaf 1 van Artikel 17, te verkry, of na daardie datum voort te gaan om 'n pensioen of ander betaling betaal soos in paragraaf 2 van Artikel 17 bedoel, te verkry, is daardie inkomste slegs in Suid-Afrika belasbaar indien die totale bruto bedrag van daardie inkomste uitbetaal in enige kalenderjaar nie 10 000 Euro te bowe gaan nie. Indien die totale bruto bedrag van daardie inkomste wat in die Nederlande ontstaan en in enige kalenderjaar uitbetaal word, egter 10 000 Euro te bowe gaan, kan dit ook in die Nederlande belas word, maar slegs tot die mate dat die totale bruto 10 000 Euro te bowe gaan. In daardie geval kan die Nederlande in die basis waarop sy belasting op daardie inkomste opgelê word, daardie deel daarvan wat slegs in Suid-Afrika belasbaar is, insluit, en stel daardie deel vry deur 'n vermindering van sy belasting toe te laat in ooreenstemming met die bepalings van paragraaf 2 van Artikel 23.

XII.**Ad Article 23**

It is understood that for the computation of the reduction mentioned in paragraph 2 of Article 23, the items of capital referred to in paragraph 1 of Article 22 shall be taken into account for the value thereof reduced by the value of the debts secured by mortgage on that capital and the items of capital referred to in paragraph 2 of Article 22 shall be taken into account for the value thereof reduced by the value of the debts pertaining to the permanent establishment.

XIII.**Ad Article 25**

1. It is understood that nothing in this Article shall prevent South Africa from imposing on the profits attributable to a permanent establishment in South Africa of a company – which is a resident of the Netherlands – a tax at a rate which does not exceed the rate of normal tax on companies by more than five percentage points.

2. It is further understood that the provision of paragraph 1 shall only apply as long as permanent establishments of companies which are not residents of South Africa are not liable to the secondary tax on companies.

3. It is furthermore understood that the provision of paragraph 1 shall no longer apply if South Africa were to abolish the secondary tax on companies or if it were to levy this tax on residents of South Africa at a rate of less than five percentage points.

XIV.**Ad Article 27**

With respect to the Netherlands Article 27 shall, for political subdivisions or local authorities, not be applicable to other taxes than those covered by this Convention, until the national legislation of the Netherlands contains a juridical basis therefore in line with the 2000 Model Tax Convention on Income and on Capital of the Organisation for Economic Co-operation and Development.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned, duly authorised thereto, have signed this Protocol.

DONE at Pretoria in duplicate, in the English language, this 10th day of October 2005.

T.A. Manuel
**FOR THE GOVERNMENT OF THE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

Dr B. Bot
**FOR THE GOVERNMENT OF THE
KINGDOM OF THE NETHERLANDS**

XII.**Ad Artikel 23**

Die verstandhouding is dat vir die bepaling van die vermindering in paragraaf 2 van Artikel 23 genoem, die kapitaalitems bedoel in paragraaf 1 van Artikel 22 in berekening gebring sal word vir die waarde daarvan, verminder deur die waarde van die skulde gesekureer deur verband op daardie kapitaal en die kapitaalitems bedoel in paragraaf 2 van Artikel 22 word in berekening gebring vir die waarde daarvan verminder met die waarde van die skulde wat betrekking het op die permanente saak.

XIII.**Ad Artikel 25**

1. Die verstandhouding is dat niks in hierdie Artikel vervat Suid-Afrika daarvan verhoed om op die winste wat toegeskryf kan word aan 'n permanente saak in Suid-Afrika van 'n maatskappy – wat 'n inwoner van die Nederlande is – 'n belasting te hef teen 'n koers wat nie die koers van normale belasting op maatskappye met meer as vyf persentasiepunte te bowe gaan nie.

2. Die verstandhouding is verder dat die bepalings van paragraaf 1 slegs van toepassing sal wees vir solank as wat permanente sake van maatskappye wat nie inwoners van Suid-Afrika is nie, nie aanspreeklik vir sekondêre belasting op maatskappye is nie.

3. Die verstandhouding is boonop dat die bepalings van paragraaf 1 nie meer van toepassing sal wees nie indien Suid-Afrika die sekondêre belasting op maatskappye afskaf of indien dit hierdie belasting op inwoners van Suid-Afrika sou hef teen 'n koers van minder as vyf persentasiepunte.

XIV.**Ad Artikel 27**

Met betrekking tot die Nederlande is Artikel 27 vir staatkundige onderafdelings of plaaslike owerhede nie van toepassing nie op ander belastings as dié deur hierdie Konvensie gedek nie totdat die landswetgewing van die Nederlande 'n juridiese basis daarvoor bevat wat ooreenkom met die 2000-“Model Tax Convention on Income and on Capital of the Organisation for Economic Co-operation and Development”.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Protokol onderteken het.

GEDOEN, in tweevoud, in die Engelse taal, te Pretoria, op die 10 de dag van Oktober 2005.

T.A. Manuel
**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Dr B. Bot
**NAMENS DIE REGERING VAN DIE
KONINKRYK VAN DIE NEDERLANDE**